MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 3 — NOMMER 1 APRIL 1959.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



„Totsiens, skat. Geniet die vakansie. Pas jou goed op—en moenie vergeet om te skryf nie."

Beplan u 'n vakansie? Of 'n sakebesoek? Waar u ook al gaan sal Standard Bank Reisigerstjeks u reisgeld beveilig. U hoef nie noodwendig 'n bankrekening te hê nie — u koop hulle eenvoudig oor die toonbank by enige Tak van die Standard Bank.

U teken die tjeks as u hulle koop, en weer as u hulle kasseer of hulle in winkels en hotelle gebruik. Die twee handtekeninge moet ooreenstem —dit is u beveiliging.

Standard Bank-reisigertjeks is verkrygbaar in eenhede van £2, £5 en £10 — in Suid-Afrikaanse geld en Sterling en in eenhede van £5 en £10 in Rhodesiese geld.

U eie handtekening beskerm u, en u hoef nie 'n bankrekening te hê om Standard Bank-reisigerstjeks te koop nie.

Intam 14926/A

PREMIUM

hier is voorwaar

Dou vir die Dors!

Castle Premium Lager is bier uit die wêreld se *heel boonste* rakke . . . bier om 'n man te plesier. Skink en klink en u sal saamstem—dis „Dou vir die Dors!"

Grant 170/2016-2A

EEN PAAR

sal meer

as 3 paar goedkoop

sokkies oorleef!

Wolnit

Super SOKKIES

is gewaarborg om nie te krimp nie—altyd nommerpas te bly!

Hoëhakversterking met spesiale nylondraad tot 'n ¾-dm. bokant die skoen. Dieselfde versterking ook in die toon!
Wolnit Super word dus op die belangrikste skaafplekke beskerm—gee baie minder werk vir die stopnaald!
Ook verkrygbaar in wol-en-reknylon en Terelene-reknylon!

*** Die sokkies wat hul geld dubbeld en dwars werd is.**

WOLNIT *Super*

VZ98

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-24a

VIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

KOO-Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' VRUGTESAPPE

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN

Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.



N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN
MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 3 · APRIL 1959 · NO 1

INHOUD

REDAKSIONEEL

Karakter teenoor Wetenskap? 7

UNIVERSITEITSNUUS

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1959 8
Nuwe Aanstellings 14
Prof J. T. Potgieter tree af 15
Dosente Oorsee 16
Nuwe Raadslid 17
Taalkommissie van die S.A. Akademie Onthaal 17
Konferensie oor Maatskaplike Werk 17
Derde Beurs aan mnr. Fanie Cilliers 17
Kort Kursus in die Gebruik van Radio-Isotope 19
Prof. Erika Theron se Reis 20
Kort Kursus in Koorleiding 23
Aantal Grade in 1958 Toegeken 23
Nuwe Geboue Voltooi 23

ARTIKELS

Huldiging van dr. D. F. Malan 24
Gedagtewisseling oor die Oud-Matiekleurbaadjie 27
Italië — Besieling vir die Klassikus 29

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE 31

BRIEWEBUS 34

VAN HEINDE EN VERRE 35

BUITEBLADFOTO

Bewegingsopvoeding op Coetzenburg.

REDAKSIONEEL

Karakter teenoor Wetenskap?

DIE opkoms van die wetenskap en die stygende belangrikheid van wetenskaplike studie en navorsing het reeds die afgelope dekades tot gevolg gehad wat 'n Engelse skrywer noem „the growing democratization of the university". Dit is waar dat die hele beeld van die universiteitslewe en -aktiwiteit in ons eeu verander het. Die universiteit van vandag het baie ver ontwikkel van die Middeleeuse isolement en van die kontemplatiewe denke wat kenmerkend was van sy vroegste geskiedenis. Die moderne universiteit staan midde-in die maatskappy — hy is in sekere sin spieëlbeeld van die maatskappy, en die onderlinge wisselwerking tussen gemeenskap en universiteit word ál intiemer, al meer vormend en vrugbaar.

Die universiteit lewer aan die gemeenskap o.a. die onderwysers, die juriste, die geneeshere, die tegnici en ingenieurs, die joernaliste, die sekretarisse, kortom byna al die professionele vakkundiges wat die moderne staat dra en sy gladde werking as georganiseerde masjien waarborg. Dit is seker een van die opvallendste aksentverskuiwings op universiteitsgebied in ons eeu — die volksdiens wat in stygende omvang en tempo, ook op tegnologiese en natuurwetenskaplike terrein, deur die universiteite gelewer word.

Dit is dan ook bepaald geen onwaardige doel vir die universiteit om in hierdie tydsgewrig na te strewe wat Milton in 'n ander verband „the betterment of man's estate" genoem het nie. En as ons die kring nog nouer trek en vra wat die taak van die universiteit as hoogste opvoedingsorganisasie in Suid-Afrika is, dan volg dit byna vanself dat dit die ideaal van die goeie burger én die goeie wetenskapsmens in één persoon verenig moet wees. In nog beperkter kring kan 'n mens vra: wat is die spesifieke funksie van 'n Afrikaanse universiteit soos dié van Stellenbosch in die ontwikkeling van die Afrikanervolk?

Want ons is 'n klein volk sonder 'n groot en luisterryke kulturele agtergrond. Ons het nog skaars ons taal en kultuur, ja ons bestaansreg, ontworstel aan die erosie van vyandskap, aktiewe teenwerking en eie beperkinge. Ekonomies, geografies en geestelik bly ons posisie in hierdie suidpunt van 'n groot ontwakende swart Vasteland steeds kwesbaar en gevaarlik.

Dit is klaarblyklik dat dit een van Stellenbosch se belangrikste take moet wees om wat die Rektor van ons Universiteit „geestelike bouwerk" genoem het, onder ons studente te verrig. Want in die gevaarvolle tye waarin ons lewe, is elke redelik begaafde jong man of vrou 'n potensialiteit vir die beskerming van die beskawingswaardes in ons land. Ons moet van hulle nie „geleerde barbare" maak nie, maar mense van karakter en integriteit, mense wat kan vorm en lei en rigting gee. Watter studierigting hulle ook al gevolg het, of hulle in die humanistiese of natuurwetenskaplike denke opgelei is, of hulle van nature meer tot die „praktiese" of die „filosofiese" geneig is — ons wil van een en almal kerngesonde karakters met idealisme en verantwoordelikheidsin bou.

Alhoewel ons besef dat die welsyn van die staat en volk in hoë mate afhanklik is van die gespesialiseerde kennis van die wetenskaplike, bly dit 'n feit dat ons, die minste van almal, daardie geestelike dinge kan negeer wat as onsigbare fondamentstene 'n jong volk, énige volk, sterk en kragtig hou.

Die kultuurtradisie is in ouer lande miskien hegter gegrondves en kan makliker weerstand bied aan die geestesvervlakking van hierdie tyd. By ons is die gevare groter en nie die minste nie die gevare van selfversekerdheid en gemaksugtigheid, veral in 'n florerende ekonomie soos dié van die huidige Suid-Afrika.

Die industriële „beskawing" van die twintigste eeu het die ongunstige gevolg dat dit sterk die neiging vertoon om die oorgespesialiseerde deskundige te vorm en selfs om die ontmensliking van die wetenskap in die hand te werk. Dit is 'n wesentlike gevaar wat ons die hoof moet bied.

Eintlik het ons g'n keuse nie. Die dringende mag van die kontemporêne geskiedenis, die onverbiddelike gang van die tydgenootlike gebeure stel die eise van geestelike krag en weerbaarheid onmiskenbaar aan elkeen.

Miskien moet ons, hoe onwennig ook al, terugkeer tot die Griekse ideaal van die opvoeding wat La Rue van Hook in sy boek „Greek

Life and Thought" as volg stel: „The attainment of character, taste, and, above all, *sophrosyne*, or temperance, moderation and good-behavior in word, thought and deed". Die waardevolste dinge in 'n opvoedingstelsel is dikwels die ontwykendste, die onbepaalbaarste, die onmeetbaarste van almal. En tog kan ons in Suid-Afrika en ons op Stellenbosch daardie dinge — „karakter", roepingsbewustheid, 'n sin van die noodlot van die tyd — die minste ontbeer as ons in die groot maalstrome staande wil bly en ons naam nie in die geskiedenis 'n ydele klank en 'n bespotting word nie.

In wesentlike sin mag minstens by ons karakterbou en wetenskaplike vorming nie as polêre magte *teenoor* mekaar staan nie. Hulle moet *in* mekaar vervleg wees, aanvullend, komplementerend, veredelend — wortels van dieselfde boom.

UNIVERSITEITSNUUS

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1959

DIE Stellenbosse Stadsaal was op Woensdag, 25 Februarie, stampvol studente en belangstellendes toe die openingsplegtigheid van die Universiteit van Stellenbosch vir die akademiese jaar 1959 onder voorsitterskap van die Rektor, prof. H. B. Thom, plaasgevind het.

Na ds. A. J. van Wijk die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen het, het mnr. C. B. Roelofse, voorsitter van die Studenteraad, aan die woord gekom en sowel die nuwe as die senior studente op Stellenbosch verwelkom.

Die geleentheidsrede is gelewer deur die Eerste Minister, Sy Edele dr. H. F. Verwoerd. Op versoek van talle vriende gee ons 'n volledige weergawe van sy rede oor: *Die Universiteit en die Toekoms.*

„Meneer die Vise-Kanselier, meneer die Rektor, geagte vriende op die verhoog en daaronder, ek wil in die eerste plek 'n woord van baie hartlike dank aan prof. Thom uitspreek vir die vriendelike, persoonlike woorde aan my gerig. Dit is 'n aangename geleentheid vir my en 'n voorreg om weer hier in u midde te wees — hier in Stellenbosch waar so baie jare van my lewe deurgebring is, en by die Universiteit waarin ek my vorming verkry het. Ek wil nie aan dié soort persoonlike opmerkings veel tyd wy nie, maar ek wil tog getuig van die groot waarde wat my ervaring in Stellenbosch as student en as dosent vir die orige van my lewenswerk gehad het.

Ek wil vanmôre praat oor iets wat aan u behoort. Twee dinge wat aan u behoort, wil ek met mekaar verbind. Dit is: die universiteit en die toekoms. Die universiteit is dié plek waaraan student en dosent so intiem verbonde is dat hulle eintlik die universiteit uitmaak. Die toekoms is iets wat in hoofsaak behoort aan die jong mense wat hier voor my is. Oor veertig jaar, in die jaar 2000, sal die meeste van u hier teenwoordig omtrent die portuur wees van ons wat hier staan en praat. Die Universiteit moet u vir daardie toekoms regmaak.

Terwyl ek dit sê, wil ek daaraan herinner dat dertig jaar gelede die geleentheid om 'n openingsrede van die Universiteit te hou ook aan my toevertrou is. My onderwerp toe was gewees, en ek wil dit vandag die uitgangspunt van my toespraak maak: *Die Universiteit en die Lewe.* Die grondgedagte wat ek toe verkondig het, was dat die universiteit met sy kloosteroorsprong, sy afgesonderdheid van die daaglikse lewe, nie meer in die moderne tyd dieselfde rol beklee nie. Die universiteit en die lewe het één geword. As in die universiteit die student nie nader gebring word aan dit wat dwarsdeur sy hele lewe vir hom belangrik is nie, dan het die moderne universiteit gefaal in sy plig; maar ek het toe juis beklemtoon dat die universiteit wel só geword het. Aan die een kant het hy verband met die lewe verkry omdat hy die student moet voorberei vir 'n beroep. Dit is miskien die mees platvloerse deel van sy taak: om 'n mens voor te berei vir die lewenswerksaamheid waaruit hy sy verdienste sal haal, en daardeur die moontlikheid om te sorg vir sy bestaan en dié van sy gesin. Die universiteit verskaf egter nie net 'n lewensverdienste nie, maar ook 'n lewensdiens. 'n Beroep beteken veel meer as 'n middel om vir eie belange te sorg. Dit skep in die eerste plek die geleentheid om vir iemand anders iets te doen, en op die ou end om vir jou volk iets te doen, al kan elke mens maar één steentjie lê in die muur wat gebou word deur dié generasie waarvan jy deel is. Daarom het ek toe beklemtoon dat voorbereiding vir 'n beroep wat die universiteit se een verband met die lewe van elke student is, tegelykertyd ook die verband vorm van die universiteit met die volk en die volk se groei. Sodoende sou dit nie net 'n voorbereiding vir die selfsug wees nie, maar 'n voorbereiding vir die offerdaad.

Daarnaas het ek beklemtoon dat die universiteit dié liggaam by uitstek in die gemeenskap is wat nie net moet sorg vir die weergawe van kennis nie, maar ook vir die uitbreiding van kennis. Die uitbreiding van kennis is in die verlede gesien as 'n teoretiese taak. Kennis moes nie met die oog op sy bruikbaarheid gesoek word nie, maar teoretiese kennis was die mikpunt, en die wêreld daarbuite kon dan maar enige praktiese waarde daaruit haal. Dié gedagte het natuurlik reeds in die universiteite van dertig jaar gelede verdwyn. Die universiteit het toe al lankal gestrewe na die verkryging van kennis wat nuttig sou wees, nie net na kennis van teoretiese belang nie. Navorsingswerk was nie net gerig op die bevrediging van 'n smagte om te weet wat verborge is nie, maar het ook uit die begeerte ontspruit om vir die medemens tot diens te wees deur te ontdek wat vir hom waardevol of nuttig sou wees.

Daaraan is toegevoeg dat, behalwe deur die soek na beroepskennis en die soek na dienskennis, ook die vorming van die mens self deur die universiteit wat met die lewe verband wou hou, behartig moes word. Uit die universiteite word naamlik gewoonlik in 'n hoë mate die leiers van die volk gevind, nie net op politieke en kulturele terrein nie, maar op elke terrein van die lewe. Die kerklike leiers is bv. almal ten dele produkte van die universiteite van die land. En as uit die universiteite die leiers moet ontspruit, dan moet die universiteit in staat wees om persoonlikhede en karakters te vorm wat nie net stewig op beginsels vasstaan nie, maar wat hulle ook kragtig kan uit deur woord en daad tot voorbeeld en lering van ander.

Die universiteit se verband met die lewe is dus ruim. Dit strek oor alle terreine. Sy invloed moet dwarsdeur tot in die gees en gemoed van die mens dring. Dus (en ek het geëindig met hierdie woorde as ek reg onthou): as 'n universiteit in 'n volk se lewe groot is, dan word die hele volk groot. Die maatstaf van die sukses van die universiteit is die sukses van die hele volk in wie se lewe hy sy rol speel. As die universiteit nie kan slaag om groot te dink, groot te wees, en groot manne te vorm nie; as die universiteit nie diep wortel skiet in die bodem van die eie volk nie; as hy nie eiesoortig soos sy volksgemeenskap dit is, kan wees nie; dan sal van daardie volk ook niks kan word nie.

By 'n ander universiteitsgeleentheid onlangs het ek op 'n ander wyse nadruk op hierdie laaste gesigspunt gelê. Dit vorm die tweede uitgangspunt vir my beskouing vandag oor „die Universiteit en die Toekoms". Vir 'n volk is nie net die gewone doeleindes van die universiteit in die vervulling van sy daelikse taak van belang nie, maar ook die invloed wat dit op die gemoed van die studente uitoefen om hulle te behou vir die volk. Dit is nie net hulle opleiding en karaktervorming nie, maar hulle volksgebondenheid, hulle behoud vir die volk, wat van groot waarde is.

Vóór ek dié gedagte 'n bietjie verder ontwikkel deur 'n terugblik op ons verlede, wil ek eers twee sake tussenin aanroer. Die een is dat wat ek so-ewe gesê het van die universiteit se betekenis vir ons as 'n blanke volk, ewe waar sal wees van eie universiteite vir die Bantoebevolking van Suid-Afrika. Wanneer eie universitêre inrigtings vir die Bantoe in hulle eie gebiede tot stand kom, dan sal dit ook blyk dat die verskillende Bantoevolksgemeenskappe alleen hierdie werklike waarde van universiteite en universiteitsopgeleides sal kry as dié inrigtings, dosente en studente kom uit hulle eie midde, as die inrigtings opgerig is en die studente studeer in hulle eie gemeenskappe en dus gebiede, en as hulle tussen hul eie volksgenote bly om hulle te dien. Diegene wat ons in Suid-Afrika aanval wanneer ons aan die Bantoebevolking eie universiteitsinrigtings gee, en juis daarmee sorg dat hulle leiers nie weggespeen word deur na die blanke universiteite en gemeenskappe te kom as leerlinge nie, besef nie dat dit die grootste daad op aarde is wat deur 'n voog gelewer kan word nie, nl. om die volk en gemeenskap onder sy sorg toe te laat om sy jong geleerdes te behou en sy leiers te laat word. Dit voeg ek net terloops tussenin, want ons het nie vandag met dié probleem te doen nie.

Ook wil ek 'n tweede algemene gesigspunt tussenin noem. Dit is die volgende. As 'n mens die universiteit as so nou verknog aan die lewe en aan die volk sien, dan moet dit ook duidelik wees dat, soos gewoonlik, saam met die voorregte, verpligtings gaan. Wanneer so ligtelik gepraat word oor die „vryheid van die universiteit" wat onbeperk moet wees, dan word nie genoeg daaraan gedink nie dat die universiteitsvoorregte ook altyd universiteitspligte oplê en dat enige plig inperkend is. Veral perk dit die soort vryheid in wat tot losbandigheid sou neig. Enige strewe by 'n universiteit na 'n vryheid groter as sy plig, en vernaamlik sy volksplig sodat hy sy volksgebondenheid wil verloën in die naam van akademiese vryheid, ontstaan gewoonlik uit internasionale strominge wat by groot nasies begin en hul belange of ideologieë moet dien. Dis nie vryheid nie, maar 'n vreemde slawerny wat die geleerdes van 'n klein volk probeer wegspeen van sy volk na onderworpenheid aan wat skynbaar universeel

is. Daardeur word so 'n universiteit eintlik totaal fondamentloos en juis nie vry of selfstandig nie. Vryheid van die dwinglandy van ander volke se eise en beskouings is die vryheid wat 'n universiteit vir hom moet en mag opeis. 'n Universiteit se vryheid word ingeperk deur *sy* eie doel en *sy* eie waarde, ook vir *sy* volk se voortbestaan. Dit net terloops.

Ek wil u gedagtes vervolgens probeer terugvoer na wat ons eie ervaring as volk was van universiteite en ons geleerdes tydens 'n paar periodes van ons bestaan. As ons dink aan die jare 1870 tot sê maar 1920, dan vind ons dat dit 'n tyd van geweldige ontwikkelinge en verwikkelinge vir die Afrikanerdom was. Gedurende die eerste deel van daardie periode, nl. tot ongeveer 1900, was daar verskynsels wat, as hulle voortgeduur het, sou gesorg het dat die Afrikanervolk *nie* die posisie sou beklee het wat dit vandag beklee nie. Dit was toe—in die vroeëre jare van daardie tydperk — 'n pioniersvolk, groot van inbors, uit uitstekende agtergrond ontstam, maar vir 'n groot gedeelte deur omstandighede nie sterk gekultureerd of hoog geleerd nie. Die geestelike fondamente van die volk was gesond; sy peil van geleerdheid was egter nie hoog nie. Die voorouers het dit besef. Toe hulle gevestig begin raak, het hulle, met groot opofferinge vir hulleself, vir hulle kinders die geleentheid probeer skep wat hulle self nie gehad het nie. In baie rigtings het hulle hul kinders laat studeer, soms hier in Suid-Afrika, dikwels in Europa.

Maar wat het gebeur met baie van die jong geleerdes van daardie tydperk? Hulle het nie eers almal teruggekom na Suid-Afrika nie en die wat wel teruggekeer het, het soms nie teruggegaan na die gemeenskap van diegene wat die opoffering gebring het nie en ten bate van wie hulle die grootste volksbehoefte kon gevul het, nl. deur kundige leiers te word. Hulle het dikwels hulle rug gedraai op die eie volk. Op die eenvoudige gemeeskap waaruit hulle self gestam het, en wat ten spyte van nood hulle die kennis en opvoeding laat verkry het, het hulle hulle rug gedraai. Dáár was hulle dan nie meer tuis nie. Hulle het gesoek na die gemeenskap van ander geleerde kringe of van 'n sosiaal skynbaar hoëre stand. Hulle het nie meer in hulle eie gemeenskap gepas nie volgens die selfsugtige maat waarmee hulle hulleself toe gemeet het. Hulle het volks-

OP DIE NOENMAAL VAN DIE REKTOR BY GELEENTHEID VAN DIE AMPTELIKE OPENING VAN DIE UNIVERSITEIT:

Dr. R. W. Wilcocks, Sy Edele dr. H. F. Verwoerd, prof. H. B. Thom en ds. J. S. Gericke.

vervreemd geraak. Daarmee het hulle hulle taal dikwels moes prysgee om by die omgang met die skynbaar meer gesiene deel van die samelewing beter aan te pas. Sodoende het die Afrikanervolk miskien meer as een geneindien getrou, hul eie volk as geheel spoediger sou help lig het na 'n hoëre kulturele lewe en na kennis. 'n Hele generasie of dele van 'n paar generasies van 'n volk het, wat hom betref, verdwyn deur die selfsug van 'n geleerdheid wat eie bevrediging gesoek het. Hierdie afgestudeerdes wou ver-europees, of wou verengels, omdat hulle „breed van gees" sou wees! Hulle was meer „liberaal" van gedagte; hulle was „meer kundig" as die stamvolk in hul eie oë. Hoe kon 'n volk wie se moontlike leiers hom so verlaat, self klim op die trap van die beskawing en die kennis? Dit was verraad, en benadeling van die eie volk, so erg as wat gewoonlik met dié begrip bedoel word.

Maar daar het gelukkig 'n oorgangsperiode gekom. Na die materiële nederlae van die jare van die keergety van die eeu het die volk homself, het die jong geleerdes hul volk, gevind. Dit was die tydperk van inburgering van die geleerde in sy eie Afrikanervolk. Die ouere en die nuwere geleerdes het hulle diensbaar gestel binne die volksgeledere. Hulle het die eie samelewing nie verlaat nie, maar daar 'n tuiste gesien en gevind. Daarmee is bereik 'n oorwinning van die gees, en dié oorwinning van die gees het, soos altyd, as nasleep gehad oorwinning op elke terrein van die lewe. Die snelle opbou sedertdien op kulturele en politieke gebied, en op ekonomiese gebied in 'n bietjie latere stadium, en die hele groei van die Afrikanerdom as 'n beskaafde volk wat tussen die wêreldvolke sy hoof hoog kan hou, was die resultaat van die toewyding van die jong geleerdes van daardie tyd. Die universiteit het sy kinders behou en hulle aan die volk teruggegee waar hy hulle vroeër weggespeen het. So het dit met die wenteling van die tyd gekom dat minstens die Afrikaanse universiteite die nouste bande met die Suid-Afrikaanse gemeenskap ontwikkel het.

Vanaf ongeveer die jaar 1920 tot vandag het 'n ander periode ontplooi. Die strydtydperk was verby. Die oorwinning was behaal. Die generasies wat sou kom, was by voorbaat vir hul volk gered. Nou het die universiteitsgeledere 'n periode binnegegaan van rustige bedenking; en van die toeëiening van die kennis van die wêreld, met tegelykertyd die bruikbaarmaking van daardie kennis vir die eie volk. Eie bydraes is gelewer tot die steeds vermeerderende kennis, beide van die wêreld daarbuite en met die oog op wat vir die eie Suid-Afrika nuttig was. Dit was 'n periode van rustige besinning, van rustige navorsing en opleiding, van vorentoe bou. So het reeds dertig-veertig jaar verbygegaan met dié opbouwerk van ons beskawing en kultuur as 'n nasie. In dié tydperk was dit selfs makliker om as Afrikanergeleerde Afrikaner te wees as wat dit sou gewees het om af te speen. Nou is diegene wat hulle volk verlaat het, veroordeel; nou is diegene wat in hulle volksinrigtings gebly het en daaraan hulle lewe toegewy het, geëer. Nou kon uit die universiteite die leiers van die volk op elke terrein van die lewe stam, want die universiteit en die volk was één, soos dit behoort. En hulle het één gebly. Daarmee is bereik dat nie net enkelinge deur studie verryk is nie, maar die kennis het ongemerk oorgegaan op die hele samelewing wat also kultureel verhef is. Soos eenmaal gesê is, sodoende het feitlik die hele gemeenskap homself aan sy eie skoenveters opgelig.

Maar dié tydperk gaan verby. Die tydperk van rus gaan verby. Ons het gekom aan die begin van die toekoms—'n toekoms *nie* rustig vir die geleerde soos die onlangse verlede nie, maar 'n toekoms van geweldige ommekeer. In die wêreldgeskiedenis kom daar elke paar honderd jaar—soms duur die tussenposes drie-, vierhonderd jaar, en eenkeer was daar selfs 'n duisend jaar van rus of doodsheid of duister tussenin—'n geestelike herlewing, byna 'n rewolusie. Soms is dit 'n gebeurtenis wat maak dat dié omwenteling kom waarna alles nuut skyn. Dit is asof 'n skielike skoonsnit tussen een periode en 'n ander voorkom. Ons staan nou weer voor 'n geskiedkundige keerpunt, ja selfs miskien aan die begin van die allergrootste skielike omwenteling wat daar nog ooit was op die gebied van kennis en van ontwikkelinge op elke terrein van die lewe. Ons praat terugskouend van die Renaissance as 'n oplewingsperiode met geweldige ontwikkeling. Ons sien die Franse Rewolusie as die begin van 'n geweldige omwenteling op verskillende gebiede in die geskiedenis van Europa. As 'n mens reg oordeel, dan was egter niks wat toe gebeur het so groot, so vinnig, so wêreldomvattend, so indrukwekkend soos die veranderinge wat nou voorlê en wat u moet belewe nie. Niks was so rewolusionêr ten opsigte van kennisvermeerdering, volkereskommelings en wat dies meer sy, as die veranderinge wat blykbaar gaan kom nie. Niks was groter, eienaardiger, nuwer, skieliker as die krisisse oral wat ons meen voorlê nie. Ons staan, so dink almal, aan die vooraand

van 'n geskiedkundige periode byna onbekend in die geskiedenis van die mensdom vanweë sy omvang en sy moontlikhede. Waar dikwels vroeër vorentoe nie gesien was dat 'n nuwe tydperk ingelui sou word nie, daar kan ons dit vandag sien. Ons kan selfs nie miskyk wat voorlê nie.

Die geweldige veranderinge op die gebied van kennis op elke terrein sal egter nie vir u, vandag se jong mense, elke keer soos 'n donderslag kom nie. Moenie dink dat u wat gaan gebeur altyd as iets eienaardigs sal ervaar nie. Ons verwagting is te helder en ons het al te gewoond geword aan die onmoontlike. Die weerstandsvermoë van die menslike gees is byna onbeperk. Die veranderinge soos hulle kom, sal waarskynlik by u verbygaan soos iets wat doodgewoon is. Dit is alleen wanneer die geskiedskrywers van later terugkyk op dié periode dat hulle sal sien dat wat u self miskien nie genoeg raaksien as groot veranderinge nie, werklik geweldig was. Daarom sê ek weer: die veranderinge wat nou plaasvind en nog gaan kom, sal u nie elke skoot soos donderslae tref nie, en miskien sal u selfs so gewoond word aan verandering dat u die betekenis daarvan vir die mensdom nie sal agterkom nie.

Maar die behoefte aan behoorlike aanpassing bly nietemin belangrik. As 'n mens daaraan dink dat die groot wisselinge in die verlede, die groot toename van kennis, gewoonlik versprei was oor tientalle jare, soms oor eeue, maar dat net soveel nou soms saamgepers word in 'n jaar of 'n paar jaar, dan word besef watter soort periode ons binnegaan en eintlik al besig is om te deurlewe. Vroeër was die veranderinge beperk tot een of twee kontinente. Nou raak dit die hele aardbol. Dit is ook op elke terrein wat 'n mens veranderinge tegelykertyd sien. Die mens is nie meer tevrede om langsaam gordyne voor die verborgenheid weg te skuiwe nie. Met haastige hand, met ongeduldige oog, skeur hy alle bedekkings voor die verborgenheid weg, omdat hy alles wil weet en wil sien wat hy nie ken nie.

Op die terrein van die gewone dinge van die daelikse lewe vind geweldige veranderinge plaas. Dié veranderinge sal mettertyd al groter en groter word. Nou al verander die gewoonste dinge van 'n mens se daelikse lewe en omgewing, bv. jou meubels en jou huis, en die veranderinge strek uit tot die simbole van die gees: die beeld en die boek. Byna geen week gaan verby nie of daar is iets nuuts om toe te voeg tot wat jy leer en ken. Navorsers is oor die hele wêreld gesaai en besig om alle bedekkings weg te skeur van wat ons nie weet nie. Dit gebeur nie net op elke terrein van die normale kennisvakke, kennisgebiede, nie. Die oneerbiedige hand van die mens strek hom uit na die ruimtes. Nie langer is die mens net die ontdekkingsreisiger in sy eie omgewing nie, nie eers sy groter omgewing, hierdie aardbol, nie. In hierdie atoomeeu word die mens, en wil hy wees, die ontdekker van wat ver in die ruimte lê. Sy hand en sy oog tas na wat hy in die verlede net aan kon dink. Hy wil nie net bereken nie; hy wil nie net raai nie; hy wil sien; hy wil daarheen gaan, na die maan en die sterre. So gaan dit ook op ander terreine van die menslike lewe wat ons beskou het as lewensverborgenhede. Die mens wil sy eie wese nie eers ongehanteerd laat nie. Oor die geheime van geboorte, oor die bepaling van geslag, hou die mediese wetenskap hom besig. Hy wil alle siektes oorwin; hy self wil die lewe verleng, ja probeer dit selfs skep. Niks stuit die menslike gees vandag skynbaar meer in sy soektog nie.

Waar die toekoms also meebring die soort soek na kennis—verder en verder, haastig, sonder geduld—daar moet dit ook ons eie denke oor diepere lewenswaarhede beinvloed. Dit gryp in op ons lewensbeskouings. Die mens se filosofie op elke terrein waarop die denker beweeg, sal verander. Dis dus nie net 'n mens se daaglikse gedrag nie, nie net sy lewensgewoontes nie, maar ook sy lewens- en wêreldbeskouings wat aangetas gaan raak deur alles wat op elke terrein van die wetenskap en kennis gesoek word en verkry word. Die nuwe tyd gryp in tot in die diepste van 'n mens se wese.

As toegegee word dat al hierdie veranderinge so sal plaasvind, dan ontstaan die vraag wat die universiteit hiermee te doen het. Die antwoord moet dan wees: *alles,* want die universiteit staan in die midde van dit alles. Die universiteit is dié één instelling in ons samelewing wat hierdie vermeerderende kennis self moet opneem en verwerk en meedeel. Dit is sy doseringstaak; die universiteit tree op as leermeester. Maar hy wat kennis opneem en weergee, is nie net 'n argief van kennis nie, dog ook 'n verwerker daarvan. Hy is wel die mededeler, hy dra oor, maar wat hy oordra vorm steeds die fondament waarop die volgende steen gebou word, nl. die uitbreiding van die kennis. Die universiteit is nie net die mededeler, die oordraer en die doseerder nie, maar ook die navorser. Hy is self die soeker na nuwe wysheid en meerder kennis. Sy studente is trouens daar

nie in die eerste plek net om kennis te vergaar nie, maar om geleer te word hoe om kennis te vermeerder.

Selfs daarmee is die taak van die universiteit nog nie voleindig nie. Ek het al vantevore gesê dat hy 'n vormingstaak het, en dit geld veral met die oog op daardie nuwe wêreld wat so-ewe geskets is. Die universiteit moet die mens van vandag vorm vir die wêreld wat kom. Ons wat spruit uit die verlede, moet ander vorm vir die onberekenbaar groter toekoms. Kan die universiteit dit doen? Hy *moet* dit doen, want as hy dit nie doen nie, wie anders?

Die universiteit wat sy doseringstaak, sy navorsingstaak en sy vormingstaak het, het daarna nog die grootste taak van alles. Dit is om te sorg dat te midde van die woeling en die verandering, die geloof in sekere ewige waarhede altyd behoue sal bly. Want te midde van wat so nuut is, bly sekere ewige waardes en ewige waarhede staan. Die universiteit moet sorg dat die geloof van die mens behoue bly, dat die verkryging van kennis sy ankers nie aan hom ontruk nie, waardeur hy 'n dobberende skip sou word op oneindige waters waar hy geen hawe van rus en geen heil sien nie. Die universiteit self moet waar hy help skep, ook behoudend wees, 'n anker wees en die anker van die geloof gee.

Maar hy moet nog iets doen: hy moet ook die anker van die volksgebondenheid gee. Hy moet kan sorg dat met die jeug van vandag, wat in daardie nuwe toekoms die kennisdraers en die kennismakers sal wees, nie gebeur wat met die jeug van ons volk in die sewentigerjare gebeur het nie. Deur nuwe kennis verblind, moet hulle nie dieselfde fout begaan om te dink dat daar 'n „breedheid van gees", 'n „liberalisme", 'n „wêreldwysheid" by hulle moet wees wat vir hulle in 'n wêreldgemeenskap tuis sal laat voel, maar nie in hulle eie volksgemeenskap nie. As dit die resultaat van enige nuwe kennisontwikkeling moet wees, nl. dat ons volk se jong mense hul eiesoortigheid verloor, dan is ons net weer waar ons in die verlede was, en is, met al die slimmigheid, niks geleer wat die gemeenskap baat nie. Dan mag ons weer sê soos baie destyds gesê het: Kan dié volk ooit voortbestaan? Maar toe het 'n wonder geskied—die wonder dat die jeug, die jong geleerde jeug, vir die volk behou is—en die volk is gered. Sal daardie wonder in ons toekoms nie nog waar bly nie?

Te midde van alles wat gebeur, moet ons in die eerste plek lede van ons eie volk, ons eie nasie bly. Die universiteit is die liggaam wat daarvoor moet sorg. In hom moet daar kragte werk wat bande bind, wat die volk se jeug tot 'n eenheid saamsnoer sodat Suid-Afrika die toekoms gerus kan binnegaan en as staat behoue bly.

Die jeug wat deur die wêreldwye roeringe gedenasionaliseer word, wat hom alleen tuis sal voel in die buitewêreld, maar nie in sy eie land nie, sal egter verlore gaan net soos dergelike persone nog altyd verlore gegaan het. So ook sal die volk wat nie in staat is om homself te handhaaf as een van die entiteite wat as sulks iets te gee het aan ander nie, verlore gaan. 'n Volk hoef nie getalryk te wees om baie te kan gee, veral op die terrein van kennis en lewenswysheid nie. Dit is soms 'n klein volk wat die meeste kan gee, want hy is nie so seer met selfsug beheb soos 'n groter volk nie. Die groter volk met sy magstrewe kan soms minder tot diens van die wêreldgemeenskap wees as die klein volk sonder magstrewe, want die een is toegespits op eie belang, soos magsvergroting, terwyl die ander toegespits is op diens.

Dit is waarmee ek wil afsluit en dit is my boodskap vandag: Mag die geleerde jeug van Suid-Afrika en sy universiteite te midde van hierdie geweldige toekomsontwikkeling altyd verknog bly aan hulle volk, al is hy klein, en juis daarin dié kans sien vir groot diens, en mag hulle altyd vasgeanker bly aan sekere ewige waarhede wat ons lewe sin en waarde gee. Dan het ons 'n bydrae te lewer aan die mensdom en die lewe. Dan het ons universiteite hulle plig gedoen deur ons reg te vorm."

Nadat dr. Verwoerd sy besielende rede gelewer het, het die Rektor hom bedank. Prof. Thom het o.a. gesê:

„Dr. Verwoerd het ons werklik tot diepe besinning gebring in verband met verskynsels wat ons om ons heen sien, en hy het dit op 'n wyse gedoen wat vir ons baie laat terugdink het aan die dae toe ons hom as professor geken het: daardie treffende, diepsinnige beskouinge en daardie boeiende manier waarop hy moeilike vraagstukke kon behandel. Dit is hierdie eienskappe wat hom een van ons skitterendste professore gemaak het.

Hy het ons weer vanmôre hier ingelei in vraagstukke wat elkeen van ons persoonlik raak. Ons voel werklik dat ons leiding gekry het.

Ek is diep aangegryp deur die gedagte dat ons voor 'n nuwe geskiedkundige periode staan. Die wêreld het geskiedkundige periodes sien kom en gaan. In hoeverre geslagte van die verlede die nadering van nuwe periodes kon opmerk, weet ons nie, maar

wat ons wel weet, is dat daar vier, vyf periodes in die wêreldgeskiedenis was wat duidelik afgebaken kan word. Staan 'n mens egter in die tyd waarin ons vandag staan, dan moet jy siende blind en horende doof wees as jy daardie tekens van 'n naderende periode nie kan raaksien, of nie om jou kan hoor nie. Diegene wat ná ons sal kom, sal hierdie nuwe periode in sy volheid sien ontplooi.

Vir ons vandag is dit egter saak dat ons aandag sal gee aan wat vanmôre hier aan ons gesê is, en dat ons tot besinning sal kom van wat dit vir ons beteken. Ook dié gedagte daarby dat, as ons nou 'n nuwe periode ingaan met alles wat dit mag meebring, ons dit ingaan hier in Suid-Afrika, en dan moet ons hier in Suid-Afrika vir ons daarvan rekenskap gee. Ons sal nie in ander lande wees nie. Ons sal die aanslag van daardie nuwe periode op die probleme van Suid-Afrika waarneem, ons sal op die probleme van Suid-Afrika die uitwerking sien, en ons sal daarmee moet rekening hou.

Doktor, baie hartlik dank vir wat u hier in ons midde gelê het. Ons kan u verseker dat ons diep daaroor sal nadink. Ons kan u verseker dat ons u leiding ten seerste waardeer.

Ons sê baiekeer so maklik dat dit ons oudstudente is wat help om aan ons Universiteit sy waarde te gee. As ons bymekaar kom by 'n geleentheid soos hierdie, dan dink ons vanselfsprekend aan ons oudstudente en hulle werk. Ons het vanmôre hier melding gemaak van die werk van dr. en mev. Verwoerd. So is daar ook baie ander oudstudente. Ons wat op die oomblik aan die Universiteit verbonde is, as dosente of as studente, ons matig ons betekenis aan uit hoofde van die feit dat ons daardie oudstudente gehad het. Dit is reg, en dit is ook goed dat dit só is. Hulle is vir ons 'n besieling, hulle het 'n tradisie gevestig waarop ons voortbou.

Maar, geagte Dames en Here, ek wonder soms of ons die keersy hiervan ook genoegsaam besef: dat ons nie net vir ons kan koester in die glorie van ons oudstudente nie, maar dat ons ook vir onsself moet rekenskap gee van die pligte wat daardeur op ons gelê word; dat daardie oudstudente, wat voor ons uitgegaan het, daardie tradisie gevestig het vir ons om op voort te bou. Hulle toon by hernuwing aan ons hulle blyke van vertroue en van liefde, en ons van ons kant hier by die Universiteit moet daardie liefde en daardie vertroue waardig wees.

Ons eregaste wat vanmôre hier in ons midde is, dr. en mev. Verwoerd, het daardie liefde en vertroue getoon deur hulle aanwesigheid hier saam met ons. Maar hulle het dit ook getoon deur vanjaar 'n vierde kind van hulle na die Universiteit van Stellenbosch te stuur. Ons wil hulle verseker dat ons weet dat hulle nie kinders na 'n universiteit sal stuur — nie hierheen sal stuur — as hulle daardie vertroue nie het nie. Ons hoop almal van harte dat ons die vertroue wat hulle in ons toon, en wat ander oudstudente in ons toon, waardig sal wees.

Nogmaals, Doktor en Mevrou, baie hartlik dank vir u oorkoms. Baie hartlik dank insonderheid vir die treffende, besielende rede waarna ons vanmôre hier geluister het."

Na die openingsplegtigheid het die Rektor en mev. Thom 'n noenmaal ter ere van dr. en mev. Verwoerd in Lydia aangebied, wat deur Raadslede en Dekane, met hulle eggenotes, bygewoon is.

Nuwe Aanstellings

DR. A. NEL, senior lektor in Geografie aan die Universiteit, is vanaf 1 Januarie 1959 tot hoogleraar in dié vak bevorder. Hy kom in die plek van prof. P. Serton wat afgetree het. Dr. Nel het die grade B.A. (*cum laude*), M.A. en D.Phil. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1955 en 1956 het hy met 'n Fulbright-stipendium en 'n Smith-Wundt-studie-



Prof. A. Nel.

beurs aan die Universiteit van Wisconsin (V.S.A.) studeer en navorsingswerk gedoen. Hy het verskeie wetenskaplike artikels op sy vakgebied gepubliseer en is redaksionele medewerker van die „Tydskrif vir Aardryskunde" en bestuurslid van die „Photogrammetric Society of South Africa". In 1950 was hy saam met die Steytler-geselskap om die Voortrekkerroetes tot by die Oranjemond na te vors.

Dr. W. C. Brink wat senior lektor in die Departement van Geologie was, is aangestel as senior administratiewe beampte in die administratiewe personeel van die Universiteit.

Mnr. W. R. Martin is aangestel as senior lektor in die Departement van Engels.

Mnr. H. G. van Niekerk is bevorder tot senior lektor in Voorligtingsielkunde.

Mej. M. L. Grobbelaar is aangestel as lektrise in die Departement van Huishoudkunde en mnr. I. C. Rust as lektor in die Departement van Geologie.

Mnr. A. van Laar word op 1 Julie 1959 lektor in die Fakulteit van Bosbou.

Mnr. M. J. Olivier is as lektor in Naturellereg en -administrasie in die Departement van Bantoekunde aangestel.

Mej. G. E. M. Kotzé is as dieetkundige vir die Universiteitskoshuise aangestel. Die Universiteit van Stellenbosch is die eerste universiteit in Suid-Afrika wat so 'n aanstelling maak.

Prof. J. T. Potgieter tree af

OP 29 November 1958 het prof. J. T. Potgieter, wat aan duisende oudstudente dwarsdeur die land bekend is, afgetree nadat hy vir 29 jaar professor in die Insektekunde aan die Fakulteit van Landbou was.

Hy is op 29 November 1897 op Zastron in die Vrystaat gebore. Nadat hy sy skoolloopbaan daar voltooi het, is hy eers na die Grey-Universiteitskollege en daarna na die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1919 die B.Sc.-graad met Skeikunde en Soölogie as hoofvakke behaal het. Die volgende jaar het hy die M.Sc.-graad in Soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Hierna is hy met 'n Staatsdiensbeurs na die Universiteit van Ohio, V.S.A., waar hy in 1923 die Ph.D.-graad behaal met 'n verhandeling oor die klassifikasie van Suid-Afrikaanse plantluise — 'n studie wat hy daarna gedurig volgehou het en nou nog steeds verder voer.

Op 1 Oktober 1923 word hy in die Afdeling Insektekunde van die Dept. van Landbou in Pretoria as entomoloog aangestel. In April 1927, nadat hy ook intussen aan die Glen-Landboukollege werksaam was, word hy na Stellenbosch verplaas waar hy sy navorsing i.v.m. die bruin treksprinkaan, waarmee hy in Pretoria begin het, voortsit. In Desember van dieselfde jaar word hy egter as senior lektor in Insektekunde aan die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege aangestel, en minder as twee jaar daarna, in Junie 1929, word hy as professor in Insektekunde in die plek van wyle prof. C. K. Brain aangestel.

Prof. Potgieter se veelvuldige bedrywighede kan nie in 'n kort artikel beskryf word nie en daarom stip ons slegs enkele hoogtepunte aan.

Alhoewel landboudosente ook terselfdertyd

Prof. J. T. Potgieter.

staatsamptenare is, het sy pligte as dosent altyd by hom voorrang geniet. As dosent in 'n vak wat ontsaglik wyd is (ongeveer twee-derdes van alle soorte diere is insekte), het hy die ekonomiese rigting, d.w.s. die studie van insekte wat die mens en sy bedrywighede ten kwade of ten goede beïnvloed, as sy spesiale vakrigting gekies. Dit is ook dan in hierdie verband dat hy deur duisende oudstudente van die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege onthou word.

Naas die aandag wat hy bestee het aan die opbou van die Dept. van Insektekunde tot die moderne navorsings- en doseereenheid wat dit vandag is, het hy ook nog heelwat tyd aan

navorsing bestee. Hy het hom veral besig gehou met die opbou van 'n groot plantluisversameling en die diagnose van plantluiseksemplare vir navorsers en landboubeamptes oor die hele land. Hy beskou egter sy werk i.v.m. die bruin swermsprinkaan as sy belangrikste enkele bydrae tot die Insektekunde. Die resultate van hierdie omvangryke werk is vervat in 'n wetenskaplike bulletin van die Dept. van Landbou wat in 1929 verskyn het. Hierdie werk werp nuwe lig op die ontstaan en opbou van swerms en hulle broeiplekke; verder verwerp dit ook in wese die sogenaamde „fase-teorie" waarvan veel gebruik gemaak is om die uitbreek van swerms te probeer voorspel.

Prof. Potgieter het ook bekendheid verwerf i.v.m. die doeltreffende miergifresep wat hy in 1928 ontwikkel het. Dit is aangewend vir die bestryding van die Argentynse mier met die doel om die witluisplaag, wat toe vir die eerste keer ernstige afmetings in wingerde en koejawelboorde in die Westelike Provinsie begin aanneem het, onder die knie te kry.

In die vroeë dertigerjare het hy ook met navorsingswerk i.v.m. die sandveldgraanwurm begin. Hierdie navorsingswerk het hy vir nagenoeg twintig jaar volgehou en metodes ontwerp om deur middel van bewerkingsmaatreëls die plaag te bestry. Prof. Potgieter het ook waardevolle navorsingswerk i.v.m. die koringluis en skaapbrommers gedoen.

In Junie 1955 was prof. Potgieter een van die drie afgevaardigdes uit Suid-Afrika wat die vyfjaarlikse Landboukonferensie van die Statebondslande in Londen bygewoon het.

Met sy aftrede is prof. Potgieter heraangestel in die hoedanigheid van senior lektor in Insektekunde, en sit hy o.a. nou sy navorsingswerk i.v.m. plantluise voort. Ons vertrou dat hy nog baie jare van vrugbare arbeid sal geniet, en wens hom alle voorspoed toe vir die jare wat voorlê.

H.J.R.D.

Dosente Oorsee

'N HELE aantal dosente van die Universiteit wat verlede jaar in die buiteland was, het reeds teruggekeer, terwyl ander vanjaar na die buiteland vertrek het.

Vier dosente het Carnegiebeurse vir verdere studie in die Verenigde State van Amerika ontvang, t.w. prof. A. B. van der Merwe van die Departement van Sielkunde, prof. Erika Theron van die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk, prof. J. P. van S. Bruwer van die Departement van Bantoekunde en dr. Ernst van Heerden van die Fakulteit van Opvoedkunde.

Prof. A. B. van der Merwe het in Januarie na die V.S.A. vertrek. Sy hoofdoel is om 'n studie te maak van die inrigting van Sielkundelaboratoria en die voorligtingsdiens aan eerstejaarstudente aan die groot Amerikaanse Universiteite. Hy sal ongeveer sewe maande in die buiteland vertoef.

In die vorige nommer van *Matieland* het ons berig dat prof. J. P. van S. Bruwer gedurende 1959 as besoekende dosent aan die *School for Advanced International Studies* van die Johns Hopkins-universiteit in die V.S.A. sal optree. Prof. Bruwer het nou ook 'n Carnegiebeurs ontvang en is voornemens om in Augustus na die V.S.A. te vertrek.

Dr. Ernst van Heerden het aan die einde van Januarie na die V.S.A. vertrek. Hy sal die moderne Amerikaanse letterkunde en die metodes van letterkundeonderwys aan die Universiteite bestudeer. As redakteur van *Matieland* is hy voornemens om die omvang en administrasie van oudstudentepublikasies aan sekere Amerikaanse Universiteite na te gaan.

Dr. E. van der Spuy van die Departement van Fisika en mnr. J. G. Smith van die Departement van Botanie het elk 'n beurs van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad ontvang. Dr. Van der Spuy het aan die einde van verlede jaar na Duitsland vertrek en doen tans navorsingswerk aan die *Max Planck-Institut für Physik* in München. Mnr. Smith het in Desember 1958 na die *Phytopathologische Laboratorium* in Baarn, Holland, vertrek waar hy verdere navorsingswerk i.v.m. antibiotiese stowwe sal doen.

Prof. A. Heydorn, hoogleraar in die Elektrotegniese Afdeling van die Fakulteit van Ingenieurswese, was van 1 Julie 1958 tot aan die einde van Januarie 1959 in die buiteland. Hy het o.a. 'n hele aantal lesings aan universiteite in Duitsland gegee. Ons sal in die volgende nommer van *Matieland* besonderhede oor sy reisindrukke verstrek.

Prof. J. M. le Roux (hoogleraar in die Toegepaste Wiskunde) en sy eggenote het in Oktober 1958 in Amsterdam aangekom waar prof. Le Roux behandeling vir sy een oog ontvang het. Ons is saam met hulle innig dankbaar dat die behandeling so suksesvol was. Dit was vir hulle 'n besonder aangename voorreg om tydens die Kersfees saam met hulle dogter, Tertia, in Princeton, V.S.A., te wees. Prof. Le Roux doen nou navorsingswerk in Princeton. Hulle vertrek in Mei na Cambridge, Engeland, en meen om teen die middel van Junie terug te wees in Suid-Afrika.

Mnr. G. M. K. Schüler, lektor in die Volkekunde, het na 'n studiereis van 8 maande teen

navorsing bestee. Hy het hom veral besig gehou met die opbou van 'n groot plantluisversameling en die diagnose van plantluiseksemplare vir navorsers en landboubeamptes oor die hele land. Hy beskou egter sy werk i.v.m. die bruin swermsprinkaan as sy belangrikste enkele bydrae tot die Insektekunde. Die resultate van hierdie omvangryke werk is vervat in 'n wetenskaplike bulletin van die Dept. van Landbou wat in 1929 verskyn het. Hierdie werk werp nuwe lig op die ontstaan en opbou van swerms en hulle broeiplekke; verder verwerp dit ook in wese die sogenaamde „fase-teorie" waarvan veel gebruik gemaak is om die uitbreek van swerms te probeer voorspel.

Prof. Potgieter het ook bekendheid verwerf i.v.m. die doeltreffende miergifresep wat hy in 1928 ontwikkel het. Dit is aangewend vir die bestryding van die Argentynse mier met die doel om die witluisplaag, wat toe vir die eerste keer ernstige afmetings in wingerde en koejawelboorde in die Westelike Provinsie begin aanneem het, onder die knie te kry.

In die vroeë dertigerjare het hy ook met navorsingswerk i.v.m. die sandveldgraanwurm begin. Hierdie navorsingswerk het hy vir nagenoeg twintig jaar volgehou en metodes ontwerp om deur middel van bewerkingsmaatreëls die plaag te bestry. Prof. Potgieter het ook waardevolle navorsingswerk i.v.m. die koringluis en skaapbrommers gedoen.

In Junie 1955 was prof. Potgieter een van die drie afgevaardigdes uit Suid-Afrika wat die vyfjaarlikse Landboukonferensie van die Statebondslande in Londen bygewoon het.

Met sy aftrede is prof. Potgieter heraangestel in die hoedanigheid van senior lektor in Insektekunde, en sit hy o.a. nou sy navorsingswerk i.v.m. plantluise voort. Ons vertrou dat hy nog baie jare van vrugbare arbeid sal geniet, en wens hom alle voorspoed toe vir die jare wat voorlê.

H.J.R.D.

Dosente Oorsee

'N HELE aantal dosente van die Universiteit wat verlede jaar in die buiteland was, het reeds teruggekeer, terwyl ander vanjaar na die buiteland vertrek het.

Vier dosente het Carnegiebeurse vir verdere studie in die Verenigde State van Amerika ontvang, t.w. prof. A. B. van der Merwe van die Departement van Sielkunde, prof. Erika Theron van die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk, prof. J. P. van S. Bruwer van die Departement van Bantoekunde en dr. Ernst van Heerden van die Fakulteit van Opvoedkunde.

Prof. A. B. van der Merwe het in Januarie na die V.S.A. vertrek. Sy hoofdoel is om 'n studie te maak van die inrigting van Sielkundelaboratoria en die voorligtingsdiens aan eerstejaarstudente aan die groot Amerikaanse Universiteite. Hy sal ongeveer sewe maande in die buiteland vertoef.

In die vorige nommer van *Matieland* het ons berig dat prof. J. P. van S. Bruwer gedurende 1959 as besoekende dosent aan die *School for Advanced International Studies* van die Johns Hopkins-universiteit in die V.S.A. sal optree. Prof. Bruwer het nou ook 'n Carnegiebeurs ontvang en is voornemens om in Augustus na die V.S.A. te vertrek.

Dr. Ernst van Heerden het aan die einde van Januarie na die V.S.A. vertrek. Hy sal die moderne Amerikaanse letterkunde en die metodes van letterkundeonderwys aan die Universiteite bestudeer. As redakteur van *Matieland* is hy voornemens om die omvang en administrasie van oudstudentepublikasies aan sekere Amerikaanse Universiteite na te gaan.

Dr. E. van der Spuy van die Departement van Fisika en mnr. J. G. Smith van die Departement van Botanie het elk 'n beurs van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad ontvang. Dr. Van der Spuy het aan die einde van verlede jaar na Duitsland vertrek en doen tans navorsingswerk aan die *Max Planck-Institut für Physik* in München. Mnr. Smith het in Desember 1958 na die *Phytopathologische Laboratorium* in Baarn, Holland, vertrek waar hy verdere navorsingswerk i.v.m. antibiotiese stowwe sal doen.

Prof. A. Heydorn, hoogleraar in die Elektrotegniese Afdeling van die Fakulteit van Ingenieurswese, was van 1 Julie 1958 tot aan die einde van Januarie 1959 in die buiteland. Hy het o.a. 'n hele aantal lesings aan universiteite in Duitsland gegee. Ons sal in die volgende nommer van *Matieland* besonderhede oor sy reisindrukke verstrek.

Prof. J. M. le Roux (hoogleraar in die Toegepaste Wiskunde) en sy eggenote het in Oktober 1958 in Amsterdam aangekom waar prof. Le Roux behandeling vir sy een oog ontvang het. Ons is saam met hulle innig dankbaar dat die behandeling so suksesvol was. Dit was vir hulle 'n besonder aangename voorreg om tydens die Kersfees saam met hulle dogter, Tertia, in Princeton, V.S.A., te wees. Prof. Le Roux doen nou navorsingswerk in Princeton. Hulle vertrek in Mei na Cambridge, Engeland, en meen om teen die middel van Junie terug te wees in Suid-Afrika.

Mnr. G. M. K. Schüler, lektor in die Volkekunde, het na 'n studiereis van 8 maande teen

die einde van Januarie van Europa teruggekeer. Sy primêre doelstelling was om persoonlik kennis te maak met leidende wetenskaplikes op sy vakgebied, 'n studie te maak van die inhoud van Volkekundeleerplanne en hom op hoogte te stel aangaande antropologiese navorsing waarmee oorsese wetenskaplikes besig is. Hy het o.a. die universiteite van Wes-Berlyn, Köln, Mainz, Frankfurt, Göttingen, Hamburg, München, Zürich, Leuven, Gent, Utrecht, Amsterdam en Leiden besoek, sowel as 'n aantal museums in Switserland, Duitsland, Holland, België en Engeland.

Mnr. Schüler moes dikwels die rassebeleid en -probleme van Suid-Afrika verduidelik en verdedig. Na sy mening is die groot mate van vooroordeel wat daar teenoor Suid-Afrika se naturellebeleid bestaan, nie noodwendig altyd aan 'n vyandiggesinde pers toe te skryf nie, maar eerder aan grootskaalse onkunde oor die Unie en sy probleme. Hy meen dat daar in die toekoms van die kant van ons Universiteite 'n groter poging aangewend behoort te word om akademici meer dikwels in die geleentheid te stel om in die buiteland inligting te verstrek, lesings te gee en wetenskaplike kongresse by te woon. Hulle sal deur kalme en wetenskaplike verduideliking van ons probleme veel bydra tot 'n beter begripsvorming en gebalanseerde oordeel met betrekking tot Suid-Afrika.

Madame Naomi Papé, lektrise aan die Konservatorium vir Musiek, en mnr. C. K. Johnman (senior lektor in die Dept. van Engels) en sy eggenote wat in Engeland en Europa gereis het, is weer terug in Suid-Afrika. Mev. D. C. Pickard (lektrise in die Fakulteit van Opvoedkunde), mev. H. de Wet (lektrise in die Departement van Engels) en dr. Elsabé Malan (senior lektrise in die Departement van Soölogie) reis op die oomblik in Europa.

Nuwe Raadslid

Ds. A. G. E. VAN VELDEN is in sy hoedanigheid as voorsitter van die Stellenbosse Skoolraad as lid van die Universiteitsraad vir die tydperk 29 Augustus 1958 tot 1 April 1960 aangestel.

Die Universiteit is dankbaar om die groot gawes van ds. Van Velden in hierdie belangrike betrekking te mag benut en wens hom 'n aangename en vrugbare dienstyd as Raadslid toe.

Taalkommissie van die S.A. Akademie Onthaal

DIE Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns het gedurende die laaste week van Januarie op Stellenbosch sitting gehou. Hierdie belangrike Kommissie stel die Afrikaanse Spelreëls en Woordelys van die Akademie op en gee in die algemeen leiding en bepaal beleid i.v.m. Afrikaanse taal- en spellingkwessies.

Die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, het die geleentheid gebruik om die lede van die Taalkommissie op 'n noenmaal te onthaal. By dié geleentheid het een van die veteraanlede van die Kommissie, prof. D. F. Malherbe, die noue samewerking tussen die Universiteit, die Kommissie en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal geloof.

Prof. Thom het in sy antwoord gewys op die groot volkswaarde van die Kommissie se werk. Hy het ook verwys na die aandeel in die Akademie se taalbedrywighede van twee lede van die doserende personeel van ons Universiteit, t.w. prof. Meyer de Villiers en prof. W. Kempen wat al jare as Sekretaris van die Taalkommissie fungeer.

Konferensie oor Maatskaplike Werk

DIE Konferensie van die Maatskaplike Werkers-Vereniging van Oos-Kaapland en die Oos-Kaaplandse Welsynsraad vind vanjaar van 27 tot 29 April in Port Elizabeth plaas.

Prof. Erika Theron, dr. J. J. de Villiers en mej. A. Müller van die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk is gevra om by hierdie geleentheid referate te lewer.

Derde Beurs aan mnr. Fanie Cilliers

MNR. FANIE CILLIERS, jongste seun van prof. en mev. A. C. Cilliers van Stellenbosch, het 'n derde beurs vir oorsese studie ontvang. Mnr. Cilliers het verlede jaar die LL.B.-graad met onderskeiding aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is op die oomblik by die *St. Catherines Cumberland Lodge* in Engeland vir voorbereidende studie, waarvoor hy 'n beurs ontvang het. In Oktober gaan hy met 'n Rhodes-beurs na Oxford, waar hy in die Regte sal studeer. Nou het hy ook 'n beurs van die Universiteit van Edinburg ontvang. Hierdie beurs word vir een of twee jaar toegeken aan 'n Suid-Afrikaanse student wat sy studies aan die Universiteit van Edinburg of aan 'n ander groot Britse Universiteit voortsit. Ons felisiteer hierdie jong geleerde met sy prestasie en wens hom 'n aangename en nuttige verblyf in die vreemde toe.

Volledige beskerming deur SANLAM:

- AFTREEPENSIOEN
- WEDUWEESPENSIOEN
- GEREELDE INKOMSTE BY LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID
- OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)
- VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING
- STUDIEPOLISSE
- VERBANDSDEKKING
- VENNOOTSKAPSDEKKING
- KONTANTBONUSSE
- SIEKTEVERSEKERING (DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)

BESPREEK GERUS U BEHOEFTES MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is SANLAM

VZ 1913/P1a

Kort Kursus in die gebruik van Radio-Isotope

PROF. P. B. ZEEMAN skryf as volg oor hierdie kursus wat van 1—12 Desember 1958 in die Fisikagebou van die Universiteit gehou is:

„Toe professore O. Hahn en F. Strassmann in 1939 die splitsing van Uraan-235 waargeneem het met hul primitiewe apparaat volgens hedendaagse standaarde, het hulle seker nooit kon droom dat hierdie ontdekking binne 'n paar jaar die kragtigste slaankrag in die hande van regeerders sou wees nie. Want helaas, op hierdie manier is die koms van die atoomeeu in 1945 aan die mensdom aangekondig. Nog nooit tevore in die wêreldgeskiedenis is die praktiese aanwending van 'n wetenskaplike ontdekking in so 'n kort tydjie vervolmaak en met sulke vernietigende gevolge aangewend nie. Die triomf wat op hierdie manier behaal is, was die gevolg van intensiewe navorsing en die saamgroepering van die slimste en mees entoesiastiese wetenskaplikes in die bes toegeruste laboratoriums met haas onbeperkte fasiliteite en fondse tot hul beskikking.

Hierdie proses van massanavorsing is ná die oorlog voortgesit met die gevolg dat 'n rykdom van nuwe basiese kennis, sowel as talryke toepassingsgebiede, blootgelê is. Die nuutheid en grootsheid van al hierdie kernfisiese ontdekkings het die verbeelding van oud en jonk beetgepak en orals het die behoefte na meer kennis daarvan ontstaan. En so het dit gebeur dat die Unie-Landboudepartement die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad versoek het om 'n kursus in die gebruik van radio-isotope in die landbou te reël. Aangesien so 'n kursus direk met opleiding te doen het, en omdat die Westelike Provinsie-Vrugtenavorsingstasie op Stellenbosch reeds baanbrekerswerk i.v.m. die gebruik van isotope in die landbou gedoen het, is besluit dat hierdie kursus liewers deur die Universiteit van Stellenbosch in samewerking met die W.N.N.R. en die W.P.-Vrugtenavorsingstasie gereël moet word.

Na onderlinge oorlegpleging is besluit om die kursus in die Fisikagebou van die Universiteit te hou. Dit is deur sewentien vakkundige- en ander landboubeamptes uit alle dele van die land bygewoon. (Sewe persone was afkomstig uit Kaapland, twee uit die Oranje-Vrystaat, een uit Natal en sewe uit Transvaal.) Baie van hulle is oud-Maties wat dit terdeë geniet het om weer in die Eikestad te studeer miskien met meer toewyding as in die vervloë studentejare, maar ook met meer gerustheid omdat daar nie



Prof. P. B. Zeeman.

'n eksamen vir hulle beplan was nie!

Die kursuspersoneel het bestaan uit die skrywer en dr. J. K. Basson van die Fisikadepartement; mnr. C. J. Verwey van die W.N.N.R.; dr. P. G. Marais van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie, bygestaan deur mnre. F. J. Haasbroek, W. B. de V. Smit en J. Deist; mnr. M. C. B. Smit van die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch.

Die kursus het 'n reeks voorlesings en elf praktika ingesluit. Die voorlesings het onder andere gehandel oor die nodige basiese kernfisika, die waarneming van radioaktiewe uitstralings, die voorbereiding van radioaktiewe bronne, die statistiese verwerking van gegewens, dosismeting, gesondheidsfisika, verwydering van radioaktiewe afvalprodukte, 'n oorsig van die industriële, mediese en landboukundige gebruike van isotope, die bepaling van grondvog met behulp van neutrone, die aanwending van atoomstraling in die landbou, stralingseffekte in plante veroorsaak deur radioaktiewe fosfor en die bepaling van plantbeskikbare voedingselemente in die grond.

In die praktika het die kursusgangers in pare saamgewerk (net soos in hul studentejare in die Fisikagebou!). Daar was eksperimente oor die plato- en dooietydbepalings van die Geiger-telbuis, die bepaling van β- en γ-absorpsie met behulp van 'n endvenstertel-

buis, die bepaling van die selfabsorpsie van β-strale, die doeltreffendheid van 'n telbuis, die natuurlike aktiwiteit van kalium-40, die halveringstyd van radioaktiewe silwer, die doeltreffendheid van die sintillasieteller ens. Verder is die beginsels van neutronwaarneming en vogmeting geïllustreer. 'n Deurlopende proef is gedoen deur die eerste dag reeds radioaktiewe fosfor aan 'n aantal plantjies in potte toe te dien. Elke dag is een plantjie geoes en op die laaste dag van die kursus is die aktiwiteit van al die plantmonsters bepaal. Op dié manier kon 'n kurwe geteken word van fosforopname teen groeityd.

Aan die einde van die verrigtinge is 'n sertifikaat aan elke kursusganger oorhandig. Die kursus het baie voorspoedig verloop — danksy die hartlike samewerking tussen die kursuspersoneel en die verskillende organisasies wat hulle verteenwoordig het. In hierdie tyd van spesialisasie en hoë koste lê ons heil in samewerking, sodat die fasiliteite wat ons tot ons beskikking het, tot die hoogste graad benut kan word. Die skrywer bedank graag al die gewillige hande en harte wat gehelp het om alles vlot te laat verloop. Ook 'n woord van hartlike dank aan die verskillende firmas wat duur elektroniese apparaat aan ons geleen het vir gebruik gedurende die kursus."

Prof. Erika Theron se Reis

PROF. ERIKA THERON skryf as volg oor haar onlangse reis in die V.S.A.:

„Toe ek na drie maande se rondreis in die V.S.A. weer by die kantoor van die gawe, vriendelike Carnegie-mense in Nieu-York inkyk, wou hulle van my weet hoe dinge nou vir my lyk in vergelyking met tien jaar gelede toe ek ook in die Verenigde State was. Ek kon nie in een of twee sinne 'n antwoord op die vraag gee nie; trouens ek kan dit ook nie nou doen nie. Een verandering het ek egter wel opgelet, en dit is dat ek in die tien jaar ouer — en hopelik verstandiger en ryper! — geword het en dus na baie dinge met glad ander oë gekyk het.

Wat my eie vakgebied betref, was dit veral baie waardevol om by die Universiteite te sien watter interessante veranderings daar in die hele benadering van die werk en in die metodes van opleiding plaasgevind het. Vir ons wat uit ander oorde na die V.S.A. gaan, waar daar op die terrein van die maatskaplike dienste altyd beweging is en altyd geëksperimenteer word, beteken sulke periodieke besoeke baie. Voordat ek na Amerika vertrek het, het ek eers in Nederland en Engeland met kollegas wat kort tevore op min of meer soortgelyke studiereise in die V.S.A. was, persoonlik kontak gaan maak. Hierdie gedagtewisseling, asook die besprekings i.v.m. dinge wat ons in ons spesifieke lande kan toepas, het vir my baie beteken. Dit is tog interessant om daarop te let hoe ons oor die jare die werk van ons Amerikaanse kollegas van 'n afstand, of van naby, objektief beskou, leer uit hulle ondervindings en eksperimente (dan in hierdie en dan in daardie rigting) en daardeur soms nog vóór die Amerikaners op een of ander terrein van ons werk gouer koers kry.

Tydens my besoek aan die V.S.A. was ek nie net by die Universiteite nie. Ek het ook in 'n hele aantal groter en kleiner stede 'n studie van die *Health and Welfare Councils* gemaak. Waar ons in die afgelope paar jaar stadig in die rigting van nouer samewerking tussen ons veelvuldige welsynsliggame beweeg, o.a. deur onderlinge beraadslaging i.v.m. welsynsbeleid, gesamentlike pogings tot fondsinsameling ens., wou ek sien hoe hierdie koördinerende rade in Amerika beantwoord. Ek het interessante waarnemings gemaak, nie net i.v.m. die funksies van die rade nie, maar ook in verband met hulle struktuur, wat nogal baie verskil. Dolgraag sou ek weer oor 'n aantal jare die land wou besoek om te kyk hoeveel sukses behaal is met sommige van die projekte wat nou aan die gang is. Laat ek nou ook net hier byvoeg dat wat ek waargeneem het nie altyd „success stories" was nie. Maar ook om te gesels oor die proefnemings en projekte wat minder geslaagd of selfs mislukkings was, kan vir 'n buitelandse besoeker baie beteken.

In verband met my besoeke aan die Universiteite wil ek net twee algemene opmerkings maak. Eerstens, nadat ek gesien het in watter beknopte kwartiere sommige van my Amerikaanse kollegas gehuisves is — nie dat dit vir baie van hulle verhinder om puik werk te verrig waarvoor hulle internasionale erkenning verkry nie — is ek dankbaar vir die goeie huisvesting wat die universiteitsowerheid vir ons Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk beskikbaar gestel het. Ons kan nie net trots wees op die uitstekende versameling boeke oor ons twee vakgebiede in die Carnegie-biblioteek nie, maar ons kan veral ook in ons skik wees met die leeskamer van ons Departement met sy naslaanboeke en veelvuldige, goed geïndekseerde tydskrifte.

'n Tweede opmerking. Ek het met verskeie Amerikaanse en ander kollegas oor die aanpassingsprobleme van oorsese studente gesels. Dit blyk dat so baie van die jong studente — veral in ons studierigting — wat kersvers van die universiteit kom en na die V.S.A. gaan

sonder 'n goeie kennis (behalwe uit boeke) van hul eie land se welsynstruktuur, welsynsbeleid en spesifieke landsprobleme, veel minder haal uit so 'n oorsese studie. Daarenteen sal die ryper en meer ervare student (ek bedoel nie hier middeljariges nie!) wat kan diskrimineer en weet waarna om te soek, veel meer waarde uit so 'n oorsese ondervinding haal. Die jong, onervare student raak verward a.g.v. alles wat hy sien en hoor op die groot Amerikaanse kontinent. Hy kan dit nie alles verteer nie en, wat nog erger is, hy vind dit swaar om op sy voete te kom as hy weer in sy eie vaderland is. Verskeie hoofde van opleidingsinrigtings het my meegedeel dat hulle nou buitelandse studente wat by hulle wil inskryf, aanmoedig om eers 'n redelike mate van kennis op te doen i.v.m. omstandighede in hulle eie land.

By Chicago en Cleveland het ek die geleentheid gehad om nader kennis te maak met 'n interessante probleem waarmee die Universiteite (*University of Chicago* en *Western Reserve*) te kampe het. Dit is dat die bevolking rondom die Universiteite amper geheel en al van blank na Neger verander het — in Chicago is dit 'n proses wat lankal aan die gang is, maar in Cleveland is dit 'n probleem van die afgelope tien jaar. Allerlei interessante pogings word aangewend om die posisie te „red" en die *Health and Welfare Councils,* die Universiteitsowerhede en ander liggame werk saam. Ek het verskeie vergaderings bygewoon waar hieride probleme bespreek en planne beraam is. Die planne sluit nuwe behuisingsprojekte in, en dit beteken die opruiming van groot gebiede wat in swart agterbuurtes verval het. Die Negers wat in die komitees sitting gehad het, was net so begerig dat opgetree moet word, want hulle voel natuurlik dat hulle nog meer bedreig word deur die intrek van die swakker tipe ongeletterde Neger waarvan baie uit die Suidelike State kom. In die omgewing van die Universiteit van Chicago is die groot behuisingsprojek in volle swang. Op die „skoongemaakte" persele word groot blokke woonstelle met staatsgeld gebou. Die huurgeld kan alleen bekostig word deur die middel- en hoër inkomstegroepe waarvan die oorwegende persentasie natuurlik

EREGRADUANDI, Desember 1958



Op 12 Desember 1958 is die eregraad D.Phil. aan Sy Eksellensie dr. Jan van den Berg, ambassadeur van die Nederlande in Suid-Afrika, en die eregraad D.Comm aan dr. Michiel Hendrik de Kock, president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, toegeken.

sonder 'n goeie kennis (behalwe uit boeke) van hul eie land se welsynstruktuur, welsynsbeleid en spesifieke landsprobleme, veel minder haal uit so 'n oorsese studie. Daarenteen sal die ryper en meer ervare student (ek bedoel nie hier middeljariges nie!) wat kan diskrimineer en weet waarna om te soek, veel meer waarde uit so 'n oorsese ondervinding haal. Die jong, onervare student raak verward a.g.v. alles wat hy sien en hoor op die groot Amerikaanse kontinent. Hy kan dit nie alles verteer nie en, wat nog erger is, hy vind dit swaar om op sy voete te kom as hy weer in sy eie vaderland is. Verskeie hoofde van opleidingsinrigtings het my meegedeel dat hulle nou buitelandse studente wat by hulle wil inskryf, aanmoedig om eers 'n redelike mate van kennis op te doen i.v.m. omstandighede in hulle eie land.

By Chicago en Cleveland het ek die geleentheid gehad om nader kennis te maak met 'n interessante probleem waarmee die Universiteite (*University of Chicago* en *Western Reserve*) te kampe het. Dit is dat die bevolking rondom die Universiteite amper geheel en al van blank na Neger verander het — in Chicago is dit 'n proses wat lankal aan die gang is, maar in Cleveland is dit 'n probleem van die afgelope tien jaar. Allerlei interessante pogings word aangewend om die posisie te „red" en die *Health and Welfare Councils*, die Universiteitsowerhede en ander liggame werk saam. Ek het verskeie vergaderings bygewoon waar hieride probleme bespreek en planne beraam is. Die planne sluit nuwe behuisingsprojekte in, en dit beteken die opruiming van groot gebiede wat in swart agterbuurtes verval het. Die Negers wat in die komitees sitting gehad het, was net so begerig dat opgetree moet word, want hulle voel natuurlik dat hulle nog meer bedreig word deur die intrek van die swakker tipe ongeletterde Neger waarvan baie uit die Suidelike State kom. In die omgewing van die Universiteit van Chicago is die groot behuisingsprojek in volle swang. Op die „skoongemaakte" persele word groot blokke woonstelle met staatsgeld gebou. Die huurgeld kan alleen bekostig word deur die middel- en hoër inkomstegroepe waarvan die oorwegende persentasie natuurlik



Op 12 Desember 1958 is die eregraad D.Phil. aan Sy Eksellensie dr. Jan van den Berg, ambassadeur van die Nederlande in Suid-Afrika, en die eregraad D.Comm aan dr. Michiel Hendrik de Kock, president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, toegeken.

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A

vz. 9

Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

Die Huisgenoot

ORAL VERKRYGBAAR

1/-

U BESPAAR 17 EKSEMPLARE PER JAAR AS U INTEKEN BY POSBUS 1802, KAAPSTAD.

Intekengeld (per jaar): Unie, £1/15/0; Rhodesië, £1/17/0; Buiteland, £2/10/0.

blankes sal wees. Op my vraag of daar êrens voorsiening gemaak is vir die Negers wat nou moet wyk, het ek geen bevredigende antwoord gekry nie.

Dit spreek vanself dat 'n mens pootuit is na 'n reis in hierdie interessante land. Pootuit, nie net omdat jy so veel moontlik wil doen en sien in so 'n kort tydjie nie, maar ook omdat die Amerikaners jou oorweldig met hulle gasvryheid. Toe ek egter so effens my nood by my vriende in die Carnegie-kantoor kla, was die antwoord: ,Nou ja, dink net hoe moeg ons in jou gasvrye land geword het'."

Kort Kursus in Koorleiding

DIE kursus in koorleiding wat die Duitse musikus en koorleier, prof. Kurt Thomas, in 1956 aan die Konservatorium vir Musiek gegee het, is nog vars in die geheue van almal wat dit bygewoon en die resultate daarvan waargeneem het. Prof. Thomas is een van die grootste figure in die wêreld op die gebied van kerkmusiek, en die pos wat hy beklee — Kantor van die St. Thomas-kerk in Leipzig — is die hoogste onderskeiding wat 'n musikus op dié gebied kan behaal. Hy het 'n heel besondere tegniek ontwikkel om kore op die allerfynste wyse af te rig en die klankproduksie wat hy na net 'n week of twee se werk bereik, is merkwaardig.

Prof. Thomas is baie begerig om weer na Suid-Afrika te kom en die Universiteit het toegestem dat hy offisieel genooi word om gedurende die eerskomende Septembervakansie en 'n week daarna weer so 'n kursus in koorleiding hier te kom waarneem. Die koor wat hy sal afrig, sal uit streng gekeurde stemme bestaan. Die kursus sal uit lesings en demonstrasies bestaan en aan die einde van die tweede week (Heldedag val juis op die Saterdag, 10 Oktober) sal daar kooruitvoerings op Stellenbosch en Bellville gegee word. 'n Beperkte aantal persone kan vir die kursus ingeskryf word en belangstellendes kan intussen om meer besonderhede skryf aan: Mnr. R. H. Behrens, Konservatorium vir Musiek, Stellenbosch.

Aantal Grade in 1958 Toegeken

BY geleentheid van die twee gradedagplegtighede van die Universiteit wat in Maart en Desember 1958 gehou is, is altesaam 564 grade toegeken.

Dié grade is as volg onder die verskillende Fakulteite verdeel:

LETTERE EN WYSBEGEERTE: B.A. 170; B.A. in Maatskaplike Werk 11; B.Mus. 3; Hons.-B.A. 27; Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk 3; M.A. 10; M.A. in Maatskaplike Werk 1; D.Litt. 2; D.Phil. 3.

NATUURWETENSKAPPE: B.Sc. 75; B.Sc. in Huishoudkunde 17; B. Mil. 22; Hons.-B.Sc. 7; M.Sc. 11; M.Sc. in Voedseltegnologie 1; D.Sc. 3.

OPVOEDKUNDE: M.Ed. 3.

LANDBOU: B.Sc. in Landbou 48; M.Sc. in Landbou 16; D.Sc. in Landbou 7.

REGSGELEERDHEID: LL.B 11.

GODGELEERDHEID: B.D. 10; D.D. 1.

HANDEL: B.Comm. 46; M.Comm. 4; D.Comm. 2.

INGENIEURSWESE: B.Sc.,B.Ing. 35; M.Ing. 1; Ph.D. (Ing.) 2.

BOSBOU: B.Sc. in Bosbou 11; M.Sc. in Bosbou 1.

Nuwe Geboue Voltooi

DIE snelle uitbreiding van die Universiteit is opvallend te sien in die verskeidenheid van geboue wat tegelykertyd op die universiteitsterreine in aanbou is.

Die derde verdieping van die Huishoudkundegebou is voltooi en kort na die aanvang van die nuwe akademiese jaar in gebruik geneem. Die addisionele geriewe en ruimte sal in hoë mate daartoe bydra om die doeltreffendheid van die doseerwerk in Huishoudkunde te verhoog.

Die nuwe dameskoshuis vir eerstejaars, Minerva, is ook voltooi en bied huisvesting aan 230 studente. Hierdie pragtige gebou is een van die sierlikste koshuisgeboue op Stellenbosch. Die Universiteit het nou 15 koshuise (6 vir mans en 9 vir dames) wat direk onder sy beheer staan. Hierdie koshuise bied huisvesting aan 2,284 studente (999 dames en 1,285 mans).

Die nuwe gebou vir Sielkunde, Wiskunde en Afrikaans-Nederlands wat net agter die gebou vir Sosiale Wetenskappe geleë is, sal, volgens besluit van die Universiteitsraad, die Van der Sterr-gebou heet. Dit geskied in erkenning en waardering van 'n groot skenking van twee weldoeners van die Universiteit, dr. en mev. A. M. A. van der Sterr. Dr. Van der Sterr was in lewe Direkteur van Driehoeksmeting in Kaapstad. Die gebou sal waarskynlik aan die begin van die tweede semester ingewy word.

HULDIGING VAN DR. D. F. MALAN

deur die Rektor, Prof. H. B. Thom

OP 7 Februarie 1959 is dr. D. F. Malan uit ons midde weggeneem. Vir Suid-Afrika was dit 'n groot verlies, want daarmee het ons 'n gevierde staatsman, beproefde leidsman, opregte Godsman verloor. Insonderheid vir die Universiteit van Stellenbosch was dit 'n swaar verlies, want vir byna agtien jaar t.w. vanaf 7 April 1941 tot sy dood toe, was dr. Malan Kanselier van die Universiteit.

Geruime tyd was sy gesondheid nie meer goed nie. Hy was ook reeds hoog bejaard. Menslikerwys gesproke was sy tyd nie meer lank nie. Maar ons het hom nog by ons gehad, en ons kon maar nie besef dat ons van hom afskeid sou moet neem nie. Nou is hy heengegaan. Dit moes wel kom, dit het ons geweet. Maar dit het ons nietemin soos 'n vernietigende slag getref.

Ons sien hom nog so duidelik in die gees voor ons. Ons sien hom weer in groot, gepakte sale, waar hy met kenmerkende, meeslepende redenaarskrag gehore lank en intens boei. Ons sien hom weer in klein kring waar hy ernstig, versigtig en krities wik en weeg voordat hy tot 'n beslissing kom. Ons sien hom in persoonlike gesprekke, waar hy met sy seldsame gawe om ingewikkelde probleme tot die eenvoudige, essensiële punte te reduseer, op treffende wyse perspektief en duidelikheid bring. Ons sien hom waar hy — wat seker een van sy grootste gawes was — 'n fyne, suiwere aanvoeling toon vir wat daar diep in die hart van die Afrikaner omgaan. Ons sien hom ook weer waar hy ontspan: waar hy in die geselskap van jong kindertjies geluk en afleiding vind, en waar hy saam met sy vriende hartlik oor 'n grappie lag.

Dit is die mens, D. F. Malan, wat ons voor ons sien. Sy persoon, sy taal, sy stem, sy optrede — alles het getuig van krag en formaat. Maar daar was tog niks kouds en hards by hom nie: sy eerlikheid, sy opregtheid, sy vriendelikheid, sy gemoedelikheid — alles was sprekende bewyse van ongedwonge minsaamheid en warmte.

Dit is die totaalbeeld van 'n volksman, wat onuitwisbaar in die gemoed van sy vriende gegrafeer is.

Dr. Malan sal egter in die geskiedenis van die Afrikaner nooit geword het wat hy vandag is nie, as hy nie 'n man van onuitblusbare werkkrag en toewyding was nie, en as hy hom nie voortdurend afgesloof het vir wat, volgens sy oortuiging, reg en goed was nie. 'n Blik op 'n paar hoofmomente uit sy loopbaan gee vir ons enigsins 'n indruk van hierdie lewe van doelbewuste, onverpoosde arbeid.

Dr. Malan is gebore op 22 Mei 1874, op die bekende ou familieplaas *Allesverloren* aan die voet van Riebeek se berg. Die rustige ou boereplaas kon hom egter nie lank hou nie, want, gedryf deur 'n wakkere, belangstellende gees, is hy Stellenbosch toe, waar hy vanaf 1891 tot 1899 gestudeer het.

Daarna volg vier-en-'n-half jaar van toegewyde studie in Nederland, aan die einde waarvan hy in Utrecht die doktorsgraad in die Godgeleerdheid verwerf. Na sy terugkeer in sy vaderland het hy hom met hart en siel in die stryd gewerp ter wille van die erkenning van Afrikaans, en het hy ook agtereenvolgens in Heidelberg (Transvaal), in Montagu en Graaff-Reinet in die bediening gestaan.

Dan volg die stigting van die Nasionale Party en *Die Burger*: dr. Malan word Redakteur van *Die Burger*, en kort daarna Voorsitter van sy party in Kaapland. In 1918 word hy tot Volksraadslid vir Calvinia gekies, en hiermee begin dan 'n veeleisende parlementêre loopbaan, wat van toe af tot 1954 geduur het — ses-en-dertig jaar lank. In 1919 gaan hy as lid van die Vryheidsdeputasie na die buiteland, en vyf jaar later word hy Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys in die Regering van genl. Hertzog.

In die politieke krisis van die jaar 1933 het dr. Malan geweier om Samesmelting goed te keur en, met 18 volgelinge in die Volksraad, het hy in die Opposisie gegaan: in hierdie moeilike omstandighede het hy nou byna bomenslike eise aan sy eie kragte gestel, ten einde die Nasionale Party opnuut op te bou. Dit was 'n swaar stryd, maar by die verkiesing van 1938 het sy 18 man in die Volksraad tot 27 aangegroei. Toe volg die oorlogskrisis van 1939: die regeringsparty het geskeur, en genl. Hertzog en dr. Malan het mekaar weer die hand gereik.

In 1943 het die moeilike oorlogsverkiesing



ONS ONTSLAPE KANSELIER:
Sy Edele dr. D. F. Malan.

plaasgevind, toe dr. Malan se volgelinge nogeens aangegroei het, hierdie keer tot 43. Hy kon die bekroning van sy arbeid in die verrassende verkiesingsuitslag van 1948 aanskou, toe sy party die meerderheid gekry het en hy dus geroepe was om die Regering van die land te vorm. Na 'n bewindstermyn van vyf jaar het dr. Malan opnuut van die kiesers van die land 'n mosie van vertroue gekry: hy is toe inderdaad met 'n aansienlike versterkte meerderheid na die Volksraad teruggestuur.

Ná sy uittrede as Eerste Minister het dr. Malan en sy eggenote en kinders hulle rustig in *Môrewag,* hulle mooi woning op Stellenbosch, gaan vestig. Terug onder sy ou vriende, het hy van die stryd kom rus en o.a. ook die herinneringe van sy veelbewoë lewe op skrif gestel.

Sy lewe was voorwaar 'n lewe van noeste arbeid, 'n volle lewe van inspanning en toewyding. Dit is die soort van lewe wat die swakke van gees sou laat ineenstort en verdwyn, maar die soort van lewe waarin die sterke van gees floreer en gedy. Dit is die lewe van omvang en formaat; maar dit het omvang en formaat slegs omdat dit deur die gees van omvang en formaat gelei en geleef word. Die plaasseun van *Allesverloren* het stap vir stap met vaste tred vorentoe gegaan om vir sy volk voorwaar 'n leier en Eerste Minister van groot formaat te word.

Dit is belangrike dinge hierdie, maar daar is ook nog ander sye van dr. Malan se lewe, wat eweneens belangrik is en waarvan die betekenis dikwels nie genoegsaam besef word nie.

Daar is bv. sy intense liefde vir sy huis en huisgesin. Die openbare lewe daarbuite het hoë eise aan hom gestel, en swaarwigtige staatsake het op sy aandag aanspraak gemaak, maar ten spyte daarvan vergeet hy sy huis nie. Hy bly die liefdevolle vader van sy huisgesin, wat in sy huislike kring, met mev. Malan en die kinders, geluk en rus vind. Dit is of sy huis en huislike kring vir hom altyd weer versterking en krag vir die stryd daarbuite gegee het. In die lig hiervan sal ons kan verstaan waarom die siekte van mev. Malan hom enige jare gelede so diep aangegryp het, en wat dit alles van hom geverg het.

Daar word dikwels tereg gesê dat 'n gesonde huislike en familielewe een van die vernaamste voorwaardes vir die geestelike en morele welvaart van ons volk is. Hierdie feit is deur die lewe van dr. Malan bewaarheid, en hy het ons inderdaad 'n pragtige, sprekende voorbeeld gestel.

Ons dink ook nog aan 'n ander belangrike aspek van dr. Malan se lewe. Hy was die produk van 'n egte Afrikaanse Bolandse familie, 'n familie waarvan die afstamming aan vaderskant 'n byna suiwer Hugenote-afstamming toon. Hy is dus egte Afrikaner, uit die midde van ons volk voortgekom. Van jongs af het hy liefde gehad vir wat sy eie is, en met verloop van jare het hierdie liefde steeds groter, dieper geword.

Veral vir ons taal het hy reeds vroeg in die bresse getree en een van die sterkste kampvegters daarvoor geword. Dit het hy reeds in 1908, enkele jare ná sy terugkeer uit Nederland, op ondubbelsinnige wyse getoon toe hy, as Voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging, op Stellenbosch sy beroemde voorlesing gehou het, onder die beroemde titel: *Het is ons Ernst.* En in 1925 was dit ook weer hy wat die wet ter erkenning van Afrikaans deur die Parlement geloods het. Hiermee het hy 'n historiese daad verrig, wat van die allergrootste betekenis in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner geword het, en wat vir dr. Malan in die hart van elke regskape Afrikaner 'n tere, onvernietigbare plek gegee het.

Ek kan nie nalaat om hier ook dr. Malan se onwankelbare Godsvertroue en diepe Godsdienssin te noem nie. In die bediening het hy self in die diens van sy Kerk gestaan; afkomstig uit Hugenote-geslagte het hy die God van sy voorvaders gedien en verkondig. En toe hy later uit die praktiese bediening getree het om sy volk op die staatkundige terrein te lei, het hy nog steeds in die Godsdienstige tradisie van sy voorgeslagte voortgegaan en voortgewerk.

Ons onthou nog almal sy besielende radiotoespraak by geleentheid van sy bewindsaanvaarding in 1948: hoe hy sy taak met nederigheid aanvaar het en hoe hy nadruklik verklaar het dat hy en sy Kabinet die ernstige voorbidding van die Kerk vra. Waar hy ook al opgetree het, in sy eie huis, in die Parlement of op die groot staatkundige terrein daarbuite, sy optrede was steeds dié van die toegewyde, godvrugtige Christen-leidsman. Hierdie eienskap, wat ook van 'n president Paul Kruger so kenmerkend was, was een van dr. Malan se vernaamste eienskappe. Albei hierdie manne — en daar is ook nog baie ander punte van ooreenkoms tussen hulle — sal ons nie net staatsmanne en volksmanne noem nie, maar ook waarlik Godsmanne.

Ek sluit af met 'n verwysing na 'n Krugerdagrede wat dr. Malan jare gelede in Pretoria gehou het. Hy het die vraag behandel: Waarom word president Kruger as 'n held in ons geskiedenis erken? Dr. Malan het, ná 'n heldere, boeiende uiteensetting wat so tipies van hom was, tot die gevolgtrekking gekom: Presi-

dent Kruger is 'n held vir sy volk omdat die beste en die mooiste wat daar in die karakter van die Afrikanervolk leef, in Kruger tot uiting gekom het.

Ons kan vandag presies dieselfde van dr. Malan sê: Ook hy is 'n held in ons geskiedenis omdat die skoonste en die edelste wat daar in die Afrikanervolk te vinde is, op onmiskenbare wyse by hom tot uiting gekom het: sy nederigheid, sy doelgerigtheid, sy geeskrag, sy opregtheid, sy vaderlandsliefde, sy gehegtheid aan sy huisgesin, sy liefde vir sy taal, sy Godsvertroue — dit is al hierdie dinge, wat op so 'n seldsame wyse in hom verenig was, wat hom 'n held van die Afrikanerdom en van Suid-Afrika gemaak het. Ons weet dit vandag; die Geskiedenis sal dit oor vyftig of honderd jaar nog veel meer duidelik aan die wêreld toon.

Laat ons almal in stille ootmoed die Here dank vir die lewe en werk van dr. D. F. Malan. Saam met sy agtergeblewe eggenote en kinders treur ons oor sy heengaan; en ons wil hulle ook van ons diepste meegevoel in hulle groot verlies verseker. Saam met hulle deel ons egter ook almal in lieflike herinneringe, wat, vérweg na vorentoe, nog altyd vir ons volk onblusbare besieling sal bring.

Gedagtewisseling oor die Oud-Matiekleurbaadjie

DIE berig in ons vorige nommer i.v.m. die voorgestelde wysiging van die oud-Matiekleurbaadjie tesame met publisiteit in die openbare pers, het heelwat reaksie van ons lesers uitgelok.

Ons plaas vervolgens 'n aantal uittreksels uit briewe wat ons in die jongste tyd bereik het.

Mnr. W. F. E. Immelman van Pretoria skryf: „Terwyl veelkleurigheid nog paslik is by skoliere of studente, is 'n effe baadjie sonder omboorsel m.i. baie meer gepas vir oudstudente, en veral vir dié wat nie meer so jonk is nie, maar wat tog nog die studentegees wil behou. Wat my betref, sou ek dus 'n effe donkerblou of silwergrys baadjie (sonder omboorsel) met 'n helder wapen op die bosak verkies."

Mnr. P. D. Barnard van Port Shepstone skryf: „Kleurbaadjies met omboorsels mag geskik wees vir skoolkinders, maar vir oudstudente sal dit net belaglik wees. Ons moet besluit dat die baadjie donkerblou moet wees, en dan net met 'n geskikte wapen op die bosak."

Mnr. H. J. Steenberg van Pretoria skryf: „Volgens my mening kan geen fout gevind word met die grys baadjie soos op die foto in die Desember-nommer van *Matieland* afgebeeld nie. Net die wapentjie op die bosak is darem te klein—maak dit tog groter en omrand dit met die ou egte maroen, goud en silwer kleure. Dan sal ons harte weer bons soos in ons prille jeug toe ons vir die eerste keer daardie kleure gedra het. As daar wel 'n verduidelikende woord bokant die wapen moet verskyn, dan meen ek dat *Oud-Matie* die verkieslikste is."

Mnr. J. I. M. Viljoen van Victoria-Wes skryf: „Die grys kleurbaadjie is reg, maar die woord *Oud-Maties* moet beslis saam met die wapen op die bosak verskyn."

Mnr. J. J. S. le Roux en ses ander oud-Maties van Rawsonville sê: „Ons steun die afgebeelde ontwerp (*Matieland*, Des. 1958) en voel daarvoor dat die universiteitswapen behou word, met die letters O.S.U."

Mnr. E. van der Merwe en vyf ander oud-Maties van Klerksdorp skryf: „Ons vind die baadjie soos afgebeeld en beskryf in die Desember-uitgawe van *Matieland* aanneemlik, maar met die voorbehoud dat die omboorsel *slegs* om die rand van die baadjie aangebring sal word. Bokant die universiteitswapen moet, in Gotiese styl, die letters S.O. (Stellenbosse Oudstudente) in goud aangebring word."

Mnr. G. Burger van die Kearsney-Kollege in Natal skryf dat die silwergrys kleurbaadjie in sy smaak val. Hy stel ook voor dat die woord *Oud-Matie* saam met die wapen moet verskyn.

Mnr. A. P. J. Immelman van Wolseley sê dat hy niks van die voorgestelde grys kleurbaadjie hou nie en stel voor dat 'n silwergrys baadjie met maroen en geel strepe ontwerp word. Dit sal dan soos die huidige oud-Matiekleurbaadjie lyk behalwe dat die wit deur silwergrys vervang word.

Mnr. Otfried Rode van Riversdal meen dat die silwergrys kleurbaadjie baie mooi sal wees. Hy verkies nie donkerblou as grondkleur nie, omdat dit te algemeen is. Swart sou baie beter gepas het, maar nou het die Kweekskool 'n swart baadjie. Hy verkies ook die woord *Oud-Matie* bokant die wapen.

Mnr. A. J. Esterhuyse, sekretaris van die Pretoria-tak, skryf dat die kleurbaadjieaangeleentheid by hulle afsluitingsfunksie behandel is. Na die silwergrys baadjie met omboorsel aan die aanwesiges vertoon is, is daar tot stemming oorgegaan. Mnr. Esterhuyse het volledige besonderhede i.v.m. die stemming aan ons gestuur, en daaruit blyk

FRICK SE NAAIMASJIENE

(gestig 1916)

VIR KWALITEIT-NAAIMASJIENE EN -ONDERDELE



Ons verkoop die beste soorte. Nuut en gebruikte masjiene. Ons handel enige ou masjien in. Reparasies en navrae word verwelkom. Groot- en Kleinhandel.

Skryf of besoek ons by: **VOORTREKKERWEG 35 (Busstop 53), PAROW of foon 98-6409.**

So SAG . . . So LIG . . . So BEVREDIGEND

dat 45 oud-Maties vir 'n donkerblou en 33 vir 'n silwergrys baadjie met omboorsel gestem het. Toe daar tussen 'n silwergrys kleurbaadjie *met* omboorsel en een *sonder* omboorsel gestem is, het 27 ten gunste van eersgenoemde en 46 ten gunste van laasgenoemde gestem. Ongelukkig was daar elke keer 'n groot persentasie wat buite stemming gebly het.

Ná die vergadering het die Sekretaris nog twee voorstelle ontvang. *Mnre. J. D. Kies, B. Groenewald* en *C. Malherbe* het voorgestel dat die omboorsel op die grys baadjie in dwarsstrepies aangebring moet word, en dat die maroen meer opvallend moet wees. *Dr. S. M. Naudé* het 'n maroen baadjie met of sonder omboorsel, en met 'n wapen op die bosak, voorgestel.

Mnr. Esterhuyse deel ons verder mee dat feitlik al die aanwesiges ten gunste was van die woord *Oud-Matie* of *Oud-Matiebond* bokant die wapen.

In ons rubriek *Nuus van Oud-Matiebondtakke* het ons genoem dat die Wellington-tak en die Port Elizabeth-tak ten gunste van grys as grondkleur vir die kleurbaadjie gestem het.

Wat staan ons nou te doen? Uit die briewe wat ons ontvang en die persoonlike gesprekke wat ons met 'n groot aantal oud-Maties gevoer het, moet ons op hierdie stadium aflei dat die oudstudente 'n donkerblou of silwergrys baadjie sonder omboorsel verkies. Indien die omboorsel weggelaat word, sal die wapen beslis mooi en treffend moet wees, sodat dit maklik van 'n afstand herkenbaar sal wees. Die meeste oudstudente verkies ook blykbaar die woord *Oud-Matie* bokant die wapen. Al die oudstudente wat die voorgestelde maroen das met die klein universiteitswapentjies daarop gesien het, was baie in hulle skik daarmee. Ons sal nie maklik 'n mooier en geskikter das kan ontwerp nie.

Hoewel ons besef dat die oud-Maties al ongeduldig begin word, voel ons tog dat ons nog meer leiding moet kry voordat ons 'n finale besluit i.v.m. hierdie belangrike saak neem. Daarom plaas ons as los byvoegsel in hierdie nommer 'n stembriefie, en versoek ons *al* die oud-Maties om dit so gou moontlik in te vul en aan *Die Hoof, Inligtingsburo, Universiteit van Stellenbosch,* terug te stuur. Die uitslag van die stemming sal in die volgende nommer van *Matieland* aangekondig word. Ons wil u by voorbaat hartlik bedank vir u samewerking.

Italië — Besieling vir die Klassikus

deur PROF. F. SMUTS

IN Suid-Afrika voel die student, die onderwyser, of die dosent van die Klassieke homself baie ver verwyderd van die middelpunt van die dinge waar sy besondere belangstelling lê. Hier is geen oudheidkundige museums om die belangstelling te verlewendig nie en dan woon ons nog so verspreid in 'n groot land dat dit nie altyd so maklik is om kontak met mekaar te maak nie.

Dit is dus altyd 'n belewenis en verryking om self die lande van die Klassieke Oudheid te besoek — 'n voorreg wat my onlangs te beurt geval het toe ek, behalwe tien dae in Griekeland, byna drie maande in Italië en Sisilië deurgebring het — helaas nog gans te kort! Want behalwe die oorblyfsels van die Klassieke Oudheid wat my eintlik na Italië getrek het, is daar so 'n rykdom van kunsskatte en monumente uit byna elke tydperk van die kultuurontwikkeling van Wes-Europa wat die aandag opeis, dat selfs 'n leeftyd te kort lyk.

'n Mens kan nie deur Italië reis sonder om jou vak opnuut te beleef en weer nuwe inspirasie te put nie. Jy kom sterk onder die indruk van hoe taal en letterkunde, geskiedenis en argeologie, kuns en kultuurgeskiedenis mekaar aanvul en almal noodsaaklik is om die geheel van die antieke wêreld te begryp en die grondslae en ontwikkelingsgang van jou eie beskawing te verklaar.

Baie van ons het miskien al die openingswoorde van Horatius se bekende Satire gelees: *Ibam forte via Sacra* („Ek het toevallig langs die Via Sacra gegaan") sonder om juis te dink wat hierdie hartaar van ou Rome alles inhou. Kom jy in Rome, is die Forum een van die eerste plekke wat jy besoek. Jy daal af van die straat na die oppervlakte van die Forum en plaas jou voete op die Via Sacra. By die eerste oogopslag sien jy rondom jou droewe reste van vergane glorie, maar wat vertel hul nie alles nie! Begin by die boog van Septimius Severus aan die voet van die Kapitool. Feitlik onder jou voete is 'n klip opgegraaf met een van die oudste inskripsies in die Latynse taal — dit dateer uit die koningstydperk. Links die Curia, die senaatshuis, op dieselfde plek waar Caesar dit geplaas het, maar soos dit herbou is teen die einde van die derde eeu n.C.; regs

die Rostra waar sprekers die volk toegespreek het.

Na vore lê die reste van die tempel van die vergoddelikte Julius Caesar wat opgerig is op die plek waar sy liggaam verbrand is. Net daaragter is die ronde tempeltjie van Vesta waar die haardvuur van die stad deur baie eeue gebrand het. Daaragter is die steil helling van die Palatyn met sy doolhof van gange en kamers waar die een keiser na die ander 'n mooier paleis wou bou as sy voorganger en die name van Augustus, Tiberius, Vespasianus, Domitianus terugroep. Loop jy verder sien jy die massiewe mure van die Basilica van Konstantyn aan jou linkerkant, 'n bouwerk wat die tipiese boustyl van die latere Christelike kerk weerspieël met sy hoë middeskip en sygange aan weerskante. Dan gaan die paadjie na bo en loop deur die ereboog van Titus, die veroweraar van Jerusalem, en aan die binnekante van die boog sien mens voorstellings in reliëf van die buit wat die Romeinse soldate uit Jerusalem weggevoer het, o.a. die welbekende sewepuntkandelaar van die tempel. Vorentoe is die Colosseum alreeds sigbaar, die grootste monument van ou Rome wat nog staan, met sy herinneringe aan bloedige gladiatoregevegte of Christenmartelaarskappe.

So kan 'n mens deur Rome wandel, ja eintlik deur die hele Italië ry, en telkens weer onder die indruk kom van hoe die ontwikkeling van die kultuurgeskiedenis deur die monumente van hierdie land weerspieël word. In Suid-Italië en Sisilië is daar weer die werklik manjifieke oorblyfsels van die Grieke, en in Toskane die minder skouspelagtige, maar baie interessante herinneringe aan die Etruriërs — albei volke by wie die Romeine in die leer was.

Maar dit is nie net die monumente van Italië wat vir die klassikus 'n inspirasie is nie; ook sy mense en hul houding teenoor die klassieke studies. Dan dink ek aan die beminlike prof. Paoli met wie ek kennis gemaak het in Florence. Eintlik regsgeleerde, is hy een van die vooraanstaande Latiniste van Italië. Daarby is hy skrywer van Latynse skoolboeke en het hy talryke gedigte in Latyn geskryf. Ek dink aan prof. sen. Tosatti, President van die *Istituto di Studi Romani,* wat sê hy is eintlik geen Latinis nie, maar twee jaar gelede by die Latiniste-kongres in Avignon 'n halfuur lank uit die vuis uit 'n opsomming gegee het van die kongres se aktiwiteite in Latyn. Latyn is in Italië dus geensins 'n dooie taal nie: dit vorm 'n belangrike deel van die middelbare skool se leerplan: feitlik vir alle fakulteite aan die Universiteit is dit 'n voorvereiste.

Maar ook in die ander lande van Wes-Europa staan Latyn (en natuurlik ook Grieks) nog in 'n baie sterker posisie in die middelbare skole as by ons. Kennis van die Klassieke tale, en van die Klassieke Oudheid in die besonder, is nog baie meer deel van die gewone agtergrond van die opgevoede mens. Daar word ook geld gevind vir navorsing op hierdie gebiede. So bv. het die Comitee voor Zuiver Wetenschappelik Onderzoek in Nederland geld gestem vir opgrawings wat 'n paar jaar geduur het, van 'n Mithras-tempel onder die Santa Prisca-Kerk in Rome. Behalwe die wetenskaplike prestige het Nederland niks hieruit gewen nie, want in Meimaand vanjaar, nadat alles voltooi is en 'n klein museum op die terrein ingerig is, is alles aan die Italiaanse regering oorgedra. Die groter lande en selfs sommige van die kleinere, soos België, Swede en Nederland het ook Historiese en/of Argeologiese Institute in Rome, waar geleerdes en studente uit dié lande kan verblyf kry om studie of navorsingswerk in Italië te doen. Die Argeologie is dan ook 'n tak van die studie van die Oudheid wat vandag in besondere opbloei is en ons kennis van die oudheid word gedurig aangevul en selfs ook gewysig deur die nuwe ontdekkinge wat gemaak word. Maar hierdie artikel bied geen geleentheid om verder hieroor te skryf nie.

Dit is dan ook met 'n tikkie weemoed dat 'n mens weer terugkom na jou eie werk — omdat jou land so ver weg is van al hierdie opwindende dinge wat jou vak betref. Aan die ander kant besef jy weer baie sterk die verantwoordelikheid van die Klassikus in Suid-Afrika. Ek glo dat een van sy take behalwe die basiese onderrig in taal en letterkunde, is om aan sy studente 'n besef te gee van ons eie verbondenheid in Suid-Afrika met die Westerse Kultuurgemeenskap en van hoe diep die wortels van hierdie kultuur in die Oudheid teruggaan.

Om mee te werk aan hierdie taak het die Departement van Latyn aan ons Universiteit 'n begin gemaak met die uitgee van 'n Latynse Nuusbrief. Die doel daarvan is om as skakel te dien tussen alle onderwysers en dosente van die Klassieke en alle ander belangstellendes, 'n forum vir bespreking van onderwysprobleme te verskaf en nuus en inligting oor die Klassieke in Suid-Afrika en die wêreld te bring. Die Nuusbrief is nou in die derde jaar van sy bestaan en word kwartaalliks uitgegee. Dit word nog afgerol, maar as genoeg ondersteuning verkry word, mag dit uiteindelik gedruk word.

Die Departement sou ook graag 'n klein museum van Klassieke Oudhede wou begin. Daar is al 'n begin gemaak met die aankoop

van Romeinse muntstukke en daar is ook al enkele antieke gebruiksvoorwerpe voor hande. Op die oomblik is daar egter nog geen voldoende geleentheid vir uitstalling nie, sodat daar eintlik nog nie van 'n museum gepraat kan word nie. Daarby het skrywer hiervan ook 'n hele paar honderd kleurskyfies geneem in Italië, Sisilië, Frankryk en Spanje ter illustrasie van landskap en monumente. Op hierdie en ander maniere wil die Departement op beskeie wyse ook voorsiening maak daarvoor om die aanskoulike kant van sy onderrig uit te brei.

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE

PRETORIA

DIE sekretaris van die oud-Matiebondtak, mnr. A. J. Esterhuyse, skryf dat daar op Dinsdagaand, 28 Oktober 1958, 'n besonder suksesvolle en vrugbare saamtrek van 200 oud-Maties en hulle metgeselle in Pretoria plaasgevind het. By hierdie geleentheid het mnr. A. M. van Schoor, hoof van die S.A.U.K. se Nuusdiens, en mnr. Willem van Heerden, redakteur van *Dagbreek en Sondagnuus,* die aanwesiges toegespreek. Mnr. Van Schoor se referaat het gegaan oor *Probleme in die Poort van Afrika,* en dié van mnr. Van Heerden oor die *Opkoms van Nie-blanke State in Afrika.*

Die sprekers het hierdie aktuele onderwerpe op 'n hoë peil behandel en die aanwesiges het dit terdeë geniet. (Mnr. Esterhuyse het 'n afskrif van mnr. Van Heerden se referaat aan ons gestuur, maar ons kan dit weens gebrek aan ruimte ongelukkig nie in hierdie nommer van *Matieland* publiseer nie.) Die sprekers is deur proff. Theo Schumann en H. L. de Waal bedank.

Terwyl verversings bedien is, is die voorgestelde nuwe oud-Matiebaadjie (die gryse met omboorsel) vertoon. Die meeste oud-Maties was egter nie ten gunste van hierdie baadjie nie. Lede is toe versoek om voorstelle i.v.m. 'n nuwe baadjie op skrif te stel en aan die Sekretaris te besorg.

Op 10 April vind die Jaarvergadering van

AFSLUITINGSFUNKSIE, PRETORIA-TAK

Van l. na r.: Mev. Schumann, prof. Theo Schumann, mnr. A. M. van Schoor, mnr. W. van Heerden, mev. H. L. de Waal, mev. A. J. Raubenheimer.

BEROEMD ORAL
IN DIE WÊRELD

BORGWARD
Isabella

• Nuwe agterfin stilering • Aantreklike nuwe bakontwerp • Nuwe trekvry ventilasie sisteem wat gebruik maak van die uitdraai kwartlig voorruite • Die reeds ruim bagasiebak, nou nog ruimer • Meer sitruimte en beenruimte voor en agter • Nuwe stroombelynde rooster



SIEN HULLE TE

Wolman Motors (Edms.) Bpk.

RIEBEECKPLEIN, KAAPSTAD. TELEFOON: 2-2166
VOORTREKKERWEG, GOODWOOD. TELEFONE: 98-9128, 98-9010, 98-5136



Wolman Motors (S.W.A.) Bpk., Elmergebou, Bülowstraat, Windhoek. Foon: 2007. **Wolman Motors Karoo (Edms) Bpk.**, Donkinstraat 99, Beaufort-Wes. Foon: 19. **Wolman Motors (E.L.) (Fty.) Ltd.**, Bowlsweg en Oxfordstraat, Oos-Londen. Foon: 4767. **Haigh Motors (Edms.) Bpk.**, Queenstraat, Port Elizabeth. Foon: 2-2369. Onder bestuur van Wolman Motors (Edms.) Bpk.



★

Die Protea het luister verleen aan die wêreldberoemde natuurskoon van die Kaap.

★

Metafories kan 'n Universiteit vergelyk word met 'n blomtuin waarin die Proteas die botoon voer en besiel. Hulle is die Studente wie se doelbewuste strewe dit is om op Universiteit en veral in hul latere lewe die naam van hul Universiteit deur hul prestasies hoog te hou en te verhef.

Soos die Protea is vir die Blomtuin — die Student vir die Universiteit —

NET SO KAN DIE VERGELYKING TOEGEPAS WORD OP DIE GOEIE DRUKKER IN SY VERHOUDING TOT DIE SAKEWÊRELD.

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BEPERK

Zeldastraat — Elsiesrivier
Posbus 120, Parow — Tel.: 98-6711

die Tak plaas by welke geleentheid 'n nuwe Bestuur gekies sal word. Mnr. Esterhuyse het weer, soos gewoonlik, 'n baie interessante program gereël. Mnr. Gideon Roos, direkteur-generaal van die S.A.U.K., sal die vergadering toespreek oor die onderwerp *Afrika onder Vuur*.

WELLINGTON

Dr. George Wassenaar, sekretaris van die Wellington-tak, skryf as volg:

„Die oud-Maties van Wellington het hulle jaarlikse braaivleisfunksie op 1 November op die plaas van mnr. P. Joubert gehou.

Die hoogtepunt van die program was die bespreking van die voorgestelde oud-Matiekleurbaadjie. Mnr. P. Lombard, hoof van die Inligtingsburo, het twee voorlopige ontwerpe vertoon en ook 'n verduideliking gegee van al die probleme wat met die ontwerp van 'n nuwe baadjie gepaard gaan. 'n Baie interessante bespreking het gevolg, waaraan mnre. Nortje, Retief, Con Hofmeyer, Olivier, De Villiers, mev. I. Loots, e.a. deelgeneem het. Die hoofargument het gegaan oor die grondkleur: of dit maroen, blou, swart, liggrys of donkergrys moet wees. Die menings was taamlik uiteenlopend en daar moes drie keer oor die saak gestem word. Die finale stemming was tussen maroen en grys. Die meerderheid was ten gunste van grys as grondkleur.

Die aand is afgesluit met Intervarsity-liedjies en toe was almal saam met Con Hofmeyer „aan die brand!" Spesiale melding moet gemaak word van ds. Loots wat *M-A-T-I-E* op meesterlike wyse gedirigeer het.

Dit was 'n lekker braaivleis en almal se harte is baie jare terug verplaas na die onvergeetlike dae van ou Matieland.

PORT ELIZABETH

Ongeveer 200 oud-Maties van Port Elizabeth en omliggende dele het op die aand van 7 November 1958 in die Elizabeth-hotel byeengekom met die doel om 'n tak van die oud-Matiebond te stig. Die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, en mnr. P. J.

BESTUUR: OUD-MATIEBONDTAK PORT ELIZABETH



Van l. na r.: Mnr. H. Doubell (Penningmeester), mnr. P. J. K. Delport (Voorsitter), mnr. M. J. van Niekerk (Vise-Voorsitter), mnr. D. J. Visser (Sekretaris).
Inlas: Dr. D. G. Conradie (Ere-President).

Lombard, hoof van die Inligtingsburo, is spesiaal uitgenooi om die funksie by te woon. 'n Heerlike vingerete is aangebied en, nadat mnr. J. P. Bekker 'n heildronk op prof. Thom en die Universiteit van Stellenbosch ingestel het, is die Rektor aan die woord gestel.

Prof. Thom het die aanwesiges vertel van sy onlangse besoek aan die buiteland toe hy o.a. 'n konferensie van Universiteitshoofde in Toronto en daarna die vyfjaarlikse vergadering van die Vereniging van Universiteite van die Statebond in Montreal bygewoon het. Hy het o.a. daarop gewys dat die Universiteit baie hoog aangeskrewe staan in die buiteland, maar dat daar ook gedurig gewaak moet word dat Stellenbosch hierdie goeie naam behou. Prof. Thom het hierna melding gemaak van die nuwe ontwikkelinge aan die Universiteit van Stellenbosch, met spesiale verwysing na die Fakulteit van Geneeskunde en die Departement van Krygskunde. Ten slotte het die Rektor verklaar dat die Universiteit van Stellenbosch sy plek in die volkslewe moet volstaan.

Voordat die tak formeel gestig is, het mnr. Lombard die voorlopige ontwerp van een van die nuwe voorgestelde oud-Matiebaadjies (die gryse met omboorsel) vertoon. Die aanwesiges het silwergrys as grondkleur aanvaar, maar sekere wysigings i.v.m. die omboorsel en die wapen voorgestel.

Daar is eenparig besluit dat 'n tak van die oud-Matiebond onverwyld gestig moet word. Die volgende bestuur is gekies:

Ere-President: Dr. D. G. Conradie (B.A. 1902); Voorsitter: Mnr. P. J. K. Delport (M.A. 1947); Vise-Voorsitter: Mnr. M. J. van Niekerk (M.Sc. 1944); Sekretaris: Mnr. D. J. Visser (B.Sc. 1950); Penningmeester: Mnr. H. Doubell (B.A. 1955).

Die oud-Maties sal dit seker interessant vind om te verneem dat mnr. Koos Meyer ook by hierdie vergadering aanwesig was. Mnr. D. J. Visser skryf: „Toe Koos Meyer aan die woord gestel is, moes almal lag, want hy het letterlik aan sy verbeelding vrye teuels gegee."

Briewebus

MEJ. U. SEEGER (B.Sc. Huishoudkunde 1955) stuur 'n aantal interessante kiekies van Suidwes en skryf as volg oor haar werk as huishoudkundige voorligtingsbeampte aldaar:

„Huishoudkundige voorligtingswerk word nog nie baie lank in Suidwes-Afrika beoefen nie; die eerste pos is in 1953 geskep en in 1957 is voorsiening gemaak vir 'n tweede pos wat aan die begin van hierdie jaar gevul is. Sedert twee huishoudkundiges aangestel is, kan die werk beter verdeel word. Albei is in Windhoek gestasioneer, maar die een werk in die Suide en die ander in die Noorde van die land.

Die aantal vroueverenigings wat deur ons besoek word, lyk miskien belaglik in vergelyking met dié wat in een huishoudkundige se wyk val in enige van die vier provinsies van die Unie. Die dorpe en plase is hier egter baie verder uitmekaar geleë en meer verversprei, sodat die afstande baie groter is; dit is dan ook die grootste probleem waarmee ons te kampe het. Waar ander huishoudkundiges hoogstens 100 myl moet aflê om by die verste vereniging te kom, moet 'n mens hier tot 540 myl ry. ('n Mens ry jaarliks gemiddeld 10,000 myl per motor, 4,000 myl per trein met 'n paar vliegtuigritte tussenin om die werk uit te voer.) Afgesien van die afstande is die paaie ook gewoonlik nie te goed nie. Sinkplaat tref 'n mens feitlik orals

BRANDWAG VERSEKERING

VOORKOM VERLIES

as gevolg van

BRAND • MOTORONGELUKKE ONGEVALLE

deur vroegtydig te verseker by

BRANDWAG VERSEKERINGSKORPORASIE BEPERK

Hoofkantoor: Andriesstraat 227, Pretoria. Posbus 1666
Kaapstad: Waalstraat 28, Posbus 653.
Port Elizabeth: Strandstraat, Posbus 290.
Durban: Smithstraat, Posbus 897.
Johannesburg: Commissionerstraat, Posbus 6160.
Bloemfontein: Maitlandstraat, Posbus 425.
Windhoek: Buelowstraat, Posbus 204.

aan; verder maak jy ook nog kennis met ongegruisde paaie oor sandduine, en nat en gladde paaie in die reënseisoen.

In die verlede is daar gebruik gemaak van 'n Imperial-motor, maar omdat elke beampte altyd alleen op pad gaan, is dit gerade geag om vierwiel-aangedrewe voertuie aan te skaf. Aangesien die arbeidsgebied oor die hele land strek, is ons bevoorreg om al die dele beter te leer ken; 'n mens kom selfs op plekke wat jy andersins nooit sou gaan besoek het nie. Ons mensekennis word ook verbreed en die vriendekring uitgebrei.

Wat die werk self betref, stem dit ooreen met dié wat in die Unie gedoen word. Alhoewel hierdie kantoor op sy eie bestaan, bly ons nogtans in noue kontak met die hoofkantoor in Pretoria."

VAN HEINDE EN VERRE

Mnr. C. J. Barnard (M.A. 1950) van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens, Pretoria, is oorgeplaas na die Kantoor van die Unie se Hoë Kommissaris in Londen en het op 16 Januarie sy werksaamhede as kultuurattaché aldaar begin.

Dr. W. H. K. Coetzee (M.Sc. 1945), senior lektor in Landboubiochemie aan die Universiteit van Stellenbosch, het 'n professoraat in die nuwe Landbou-Fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Bloemfontein aanvaar.

Mnr. Frans du Toit (B.Sc. Landb. 1955) is as landbouvoorligtingsbeampte van Queenstown na Stutterheim verplaas. Sy voorganger in die Stutterheim-Cathcartwyk, mnr. Jimmy Laubscher, is ook 'n oud-Matie.

Mnr. Jan J. Loubser (M.A. 1958) is vanaf Januarie 1959 as volkswelsynsbeampte in Johannesburg aangestel.

Dr. H. A. Louw (M.Sc. Landb. 1955), senior lektor in Plantsiekteleer-Mikrobiologie in die Landbou-Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, het uit Skotland teruggekeer waar hy aan die Macauley-Instituut van die Universiteit van Aberdeen die doktorsgraad in Grondmikrobiologie verwerf het.

Mnr. K. J. van der Merwe (M.Sc. 1958) het met 'n uitruilbeurs van die Duitse Regering na Duitsland vertrek waar hy vir 2 jaar aan die Universiteit van Göttingen vir die doktorsgraad in Organiese Chemie sal studeer.

Mnr. J. Z. Uys (M.A. 1958) is as lektor in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Natal (Durban) aangestel.

Mnr. J. S. (Fien) Olivier (B.Sc. 1919), voormalige hoof van die Kensington-Hoërskool, het hom nou op 'n plasie in die distrik van Witrivier (Tvl.) gevestig.

Mnr. Con J. Botha (B.A. 1952) is van 1 November 1958 aangestel as Provinsiale Sekretaris van die Nasionale Party van Natal.

Mnr. Peet M. Nienaber (LL.B 1955) is in die Regsfakulteit van die Universiteit van Pretoria aangestel. Mnr. Nienaber, vergesel van sy vrou (mej. Leila Booysen—B.A. 1954, S.O.D. 1955) het onlangs uit Engeland in die Unie teruggekeer. Hy het vir twee jaar met 'n Strakosch-beurs in Cambridge studeer.

Dr. W. G. le Roux (D.Phil. 1951), waarnemende hoof van die Porter-Verbeteringskool, Retreat, het op 23 Januarie met 'n Carnegiebeurs na die V.S.A. vertrek. Hy is voornemens om die Amerikaanse metodes vir die behandeling van jeugmisdade te ondersoek.

Mnr. G. W. Loedolff (B.Sc. Ing. 1950) van Germiston skryf dat 'n aantal oud-Maties wat by die Stadsraad van Germiston werksaam is op 7 Februarie 'n braaivleisfunksie by die Germistonmeer gehou het. Die funksie was so suksesvol dat almal gevoel het dat die oud-Maties van daardie gebied meer dikwels byeen moet kom. 'n Klein komitee is gekies om die moontlikheid van die stigting van 'n tak van die oud-Matiebond aan die Oos-Rand te ondersoek.

Dr. F. F. de W. Stockenström (B.Comm. 1948) wat tans aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verbonde is, is een van die baie lesers wat sy waardering en dankbaarheid vir *Matieland* uitspreek. Hy skryf verder dat dit 'n riem onder die hart is om van tyd tot tyd op te merk dat daar vanuit die Universiteit self pogings voortvloei om kontak te behou met die oud-Maties, waar hulle hulle ook al mag bevind.

Dr. Stanley van Wijk (B.Ed. 1937), hoof van Filmdiens, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria, het verlede jaar Europa, die V.S.A. en Kanada besoek. Hy het o.a. 'n Nasionale Konvensie van hoofde van Organisasies vir Oudio-Visuele Onderwys en Opvoeding uit alle state van die V.S.A. en Kanada in Minneapolis (Minnesota) bygewoon. Dr. Van Wijk het ook as besoekende dosent aan die Universiteit van Indiana opgetree. Na sy interessante studiereis het dr. Van Wijk o.a. tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

(1) In Filmdiens het Suid-Afrika 'n instrument wat doelmatiger en beslister as bondgenoot ingespan behoort te word by die uitvoering en oplossing van sy onderwystaak en opvoedingsprobleme. (2) Ons land het 'n Filmdiens opgebou wat goed vergelyk met die beste onder die oorsese eenhede. (3) Suid-Afrika maak nie genoeg gebruik van sy eie films nie. Films van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens, Staatsfilmproduksies en die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie kan meer gebruik word om die land en sy moontlikhede aan sy inwoners bekend te stel. Deur middel van hierdie films kan die rasse van die land mekaar beter leer ken en hierdeur kan rassevrede bewerkstellig en bestendig word. Die films kan ook 'n waardevolle hulpmiddel wees i.v.m. die verspreiding van kennis m.b.t. ons buurlande. (4) Suid-Afrika moet nie langer talm om ten volle van sy opvoedkundige wapens (die film, strookfilm en radio) gebruik te maak nie.

Ds. C. J. Burger (M.A. 1950) van Lilongwe, Njassaland betuig sy dank en waardering vir die Kunsfeesprogram wat by die Desembernommer van *Matieland* ingesluit was en skryf: „Dit het my weer met heimwee laat terugdink aan die dae toe die voorreg my beskore was om in die louter genot van 'n Sangfees te kon deel." Hy stel ook voor dat die grondkleur van die oud-Matiebaadjie grys moet wees, maar sonder die omboorsel aan die moue. Ds. Burger vertel verder dat daar ten minste 24 oud-Maties in die sendingpersoneel is. As die afstande nie so groot was nie, sou hulle al 'n tak van die oud-Matiebond daar gestig het. Ons gee ons oudstudente in die Sendingveld die versekering dat ons die hoogste waardering het vir die uiters belangrike werk wat hulle daar doen.

Verskeie oud-Maties het gedurende die afgelope vakansie besoek gebring aan die Inligtingsburo. Dit was aangenaam om die ou vriende weer te sien en te hoor waar hulle hulle nou bevind. Onder die besoekers was:

Mnr. Jan Horn (M.A. 1946), vroeër psigometrikus by die Natalse Onderwysdepartement, wat vanaf April 1957 as inspekteur-sielkundige in die Noord-Vrystaat aangestel is;

Mnr. Dudley Vermaak (M.Sc. 1952, M.Ed. 1956), vise-skoolhoof op De Aar, wat op die oomblik aldaar as hoof waarneem;

Mnr. F. P. (Frans) Coertsen (B.Sc. 1940) van die Hoërskool, Wesselsbron;

Mnr. G. J. Joubert (H.P.O.D. 1929), sendingonderwyser te Chibi, Fort Victoria, Suid-Rhodesië;

Mnr. H. C. Raubenheimer (B.Sc. Landb. 1932), voorsitter van die Pretoria-tak van die oud-Matiebond;

Mnr. J. H. (Koos) Engela (B.A. 1921), onderwyser aan die Mansfield-Hoërskool, Durban;

Mnr. Willie Kitshoff (H.P.O.D. 1937, D.O.S.K. 1938) boer van Piketberg;

Mnr. J. Smuts (B.Comm. 1929) wat werksaam is by die Koringraad in Pretoria;

Mnr. E. A. (Boy) Nel (M.Sc. Landb. 1946), nyweraar van Windhoek;

Mnr. Herman Bekker (M.Sc. Landb. 1944) van die Hoër Landbouskool Marlow, Cradock;

Mnr. Louis Naudé (M.A. 1944) van Pretoria;

Ds. N. J. Hanekom (M.A. 1945), leraar van die N.G. Gemeente, Witbank-Suid.



LOOPBANE by YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleentheid vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vakatures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradueerdes in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradueerdes); vir Laboratoriumassistente (gematrikuleerdes met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradueerdes in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasiliteite, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Posbus 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk en die beste.

Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier